Maart - April 2024

# Wêreld van Môre

Want die aarde sal vol word met die kennis van die heerlikheid van die Here soos die waters die seebodem oordek.

Vol. 24, No. 2 Vertalings uit 'n vroeër gepubliseerde Mar & Apr 2023 *Tomorrow's World*-tydskrifte



'n Persoonlike boodskap van

Gerald E. Weston, Hoofredakteur

## Is u anders?

Die meeste van ons het al gewonder hoe dit sou wees indien ons gedurende 'n ander tyd in die geskiedenis gebore was. Sommige mense het gewens dat hulle gedurende die pioniersdae van Noord-Amerika geleef het. Heelwat ander mense wens hulle het geleef gedurende die tyd van Jesus Christus, toe Hy al daardie wonderwerke gedoen het.Daar is egter een aangeleentheid wat kommerwekkend sou wees vir enigiemand wat gedurende Jesus se leeftyd sou wou leef. Ten spyte van Sy menigvuldige onbetwisbare wonderwerke, het die mense van Jesus se tyd Hom gekruisig. Die vraag is dus: Wat sou u gedoen het indien u daar was? Sou u die skare gevolg het? Sou u u saam met die gepeupel geskaar het wat geskree het: "Kruisig, kruisig Hom"? Natuurlik nie! Dit is hoe die meeste van ons dink. Verskil ons regtig só baie van die mense van die eerste eeu n.C.?

Die Skrif dui aan dat Jesus slegs 120 ware volgelinge gehad het aan die einde van Sy bediening (Handelinge 1:15) en dit ná al die wonderwerke wat Hy gedoen het. Hy het water in wyn verander en duisende mense kos gegee met 'n paar brode en 'n paar klein vissies. Hy het ook op water geloop en baie mense genees. Sommige wonderwerke is deur slegs 'n paar mense gesien, soos toe Hy op die water geloop het. Ander wonderwerke is weer deur honderde of selfs duisende aanskou. Die opwekking van die vier-dae-dooie Lasarus deur Jesus was so algemeen bekend dat die Joodse leiers uit jaloesie, nie gerus was nie. Hulle het beplan om Jesus dood te maak; hulle wou ook vir Lasarus doodmaak, om die bewyse van Jesus se daad te verdoesel (Johannes 12:9-11).

**Ons is nie wie ons dink ons is nie**

Wat sou ons gedoen het indien ons gedurende die tyd van Christus geleef het? Ons kan hoop. Ons kan spekuleer. Ons kan egter nooit weet nie want ons sou nie die mens gewees het wie ons vandag is nie. Ons sou verskillende ouers en verskillende DNS gehad het en sou blootgestel gewees het aan baie verskillende invloede.

Laat ons egter vir 'n oomblik aanneem dat ons presies dieselfde mense sou wees gedurende die eerste eeu as wat ons vandag is. Natuurlik kan so iets nooit moontlik wees nie, maar kom ons veronderstel dat dit moontlik sou wees ter wille van die bespreking.

Daar word met reg beweer dat die beste voorspelling van ons gedrag in die toekoms dieselfde sal wees as ons huidige gedrag. Geld daardie beginsel ook andersom? Gestel u was in alle opsigte dieselfde persoon wat u vandag is, openbaar u huidige gedrag hoe u sou optree indien u gedurende Jesus se menslike leeftyd gebore was?

Of ons dit wil erken of nie, ons is nie altyd die

persoon wat ons graag wil wees nie – selfs nou in ons daaglikse lewens. Dit behoort ons te laat verstaan of ons deel sou wees van die kruisigingsgroep. Dit is waarskynlik akkuraat om te sê dat die meeste van ons dink dat ons 'n uitsondering van die gepeupel sou wees. Dit is die persoon wat ons *wil* wees en wie ons *dink* ons is. Ons sou sekerlik nie uitgeroep het "Kruisig Hom" nie. Selfbedrog is egter 'n algemene menslike eienskap. Dit is skokkend dat die meeste belydende Christene, deur die keuses wat hulle maak, aantoon dat hulle deel *sou* wees van die gepeupel! Hoe kan dit wees? Hoe kan ek [die skywer] so seker wees?

**Wie was hierdie Man?**

Jesus het in die vlees as die Seun van God gekom maar min mense verstaan ten volle wie hy was vóór daardie tyd. Selfs die Jode van Sy tyd het dit nie verstaan nie. Baie mense neem aan dat die God van die Ou Testament – die Een wie die Tien Gebooie op 'n klip geskryf het, die Een wat met Moses gepraat het – die Een was wie Jesus, "God die Vader" genoem het. In werklikheid is die Heilige wese wat met Moses gepraat het nie God die Vader nie; Hy was niemand anders as die *Logos* wat Jesus Christus geword het nie! Hierdie maklik bewese feit het gevolge vir die hedendaagse Christendom.

Die apostel Paulus skryf: "WANT ek wil nie hê. broeders, dat julle nie sou weet nie dat ons vaders almal onder die wolk was en almal deur die see deurgegaan het, en almal in

***Vervolg op bladsy 27***

## Inhoudsopgawe


**Voorblad**

**Persoonlik –**
**Die strewe na blywende geluk**
Gerald E. Weston se persoonlike rubriek

**Hoofartikel**
**Slaapwandelend na Wêreldoorlog III** 3
*Die Oekraïne-krisis veroorsaak dat baie mense bekommerd is dat nog 'n wêreldoorlog reeds begin het. Die volle waarheid is selfs meer verbasend.*

**'n Steengroef van lewende stene** 8
*Ware Christene is besig om gevorm te word vir 'n glorieryke doel, soos gesien kan word vanuit koning Salomo se lewenswyse en die apostel Paulus se woorde.*

**Jerusalem: Toekomstige hoofstad van die wêreld** 11
*Ander stede mag wel groter en digter bevolk wees maar een klein stadjie met 'n ryk geskiedenis is die belangrikste stad wat die toekoms van die planeet Aarde aanbetref!*

**Evolusie se skandalige geheimpies** 15
*Deesdae se wêreldse samelewing moedig die valse opvatting aan dat die teorie van ewolusie, bevestigde wetenskap is. Dit is egter ver van die waarheid af en dit is nodig dat u dit weet!*

**Ligte af: Die krag van slaap** 24
*Ons moenie geestelik aan die slaap wees nie. God het nogtans fisiese slaap ontwerp as 'n merkwaardige instrument vir daaglikse vernuwing!*

**Gereeld**

**Vrae en Antwoorde** 23


Besoek ons webwerf by:
www.wvm.co.za
of vir Engelse literatuur:
www.tomorrowsworld.org


**Wêreld van Môre**

**Hoofredakteur**
Gerald E. Weston
**Redaksionele Direkteur**
Richard F. Ames
**Kuns Redakteur**
John Robinson
**Besturende Redakteur**
Wallace Smith

**Streeksredakteurs**
Robert Tyler (Australasië)
Stuart Wachowicz (Kanada)
Peter Nathan (Europa)

**Besigheidsbestuurder**
Dexter B. Wakefield

**Streekskantore**

**VERENIGDE STATE:**
P.O. Box 3810
Charlotte, NC 28227-8010
Tel: (704) 844-1970
Faks: (704) 841-2244
**www.tomorrowsworld.org**

**AUSTRALASIë:**
PO Box 300
Claredon, SA 5157
Tel: (61) 8 8383 6288
Faks: (61) 8 8127 9667

**KANADA:**
P.O. Box 409
Mississauga, ON L5M 0P6
Tel: (905) 814-1094
Faks: (905) 814-7659

**NIEU-SEELAND:**
P.O. Box 2767
Auckland 1140, New Zealand
Tel/Faks: (09) 268 8985

**VERENIGDE KONINKRYK:**
Box 111, Berkeley Square
London, W1J 5FJ
Tel/Faks: 44 (0) 844-800-9322

**SUID-AFRIKA:**
Privaatsak X 30
Menlo Park, GP 0102
Tel: 012 331 0058
e-pos: info@wvm.co.za

**Die *Wêreld van Môre*-tydskrif het geen intekenprys nie. Die *gratis* verspreiding van hierdie tweemaandelikse tydskrif word moontlik gemaak deur tiendes en offergawes van lidmate van die Lewende Kerk van God, en van ander wat vrywillig medewerkers geword het in die verkondiging van Christus se ware Evangelie aan alle nasies. Bydraes is welkom en word met dank erken.**

**Die *Wêreld van Môre*-tydskrif word in Suid-Afrika vertaal, gedruk en uitgegee deur die Lewende Kerk van God.**


© Lewende Kerk van God
Alle regte voorbehou

**Alle Skrifverwysings is uit die Ou Vertaling (1933), tensy anders aangedui (NV, Nuwe Vertaling, 1983).**

# Slaapwandelend na Wêreldoorlog III

## Deur Gerald E. Weston

Die meeste van ons wat leef in, wat genoem word die Eerste Wêreld of "ontwikkelde" nasies, vind die lewe gemaklik. Dit is ongetwyfeld hoe baie mense in Hawaii gevoel het toe hulle een sonnige Sondag-oggend wakker geword het. Vanaf 7 Desember 1941 sou dit egter in skande voortleef – vir hulle en vir die res van Amerika.

Europa was reeds in 'n oorlog gewikkel. Dit was skaars meer as twee dekades sedert die sogenaamde "oorlog om alle oorloë te beëindig" wat direk of indirek die lewens van meer as 20 miljoen soldate en burgerlikes geëis het. Die meeste Amerikaners het dus nou nie belanggestel om in 'n konflik aan die ander kant van die Atlantiese Oseaan betrokke te raak nie – allermins een aan die ander kant van die Stille Oseaan. Die Verenigde State was in 1941 só onbetrokke dat die militêre konsep vier maande tevore amper geskrap is. "Die naelskraapse oorwinnings (in die Huis van Verteenwoordigers) was net met 'n enkele stem [om die militêre konsep te behou] en die stryd kon verloor gewees het net so maklik as wat dit gewen is, indien dit nie was vir die *speaker* van die Huis, Sam Rayburn se persoonlikheid, leierskap, beheersing van die parlementêre prosedure nie – toe daar geen ander uitweg was nie – asook sy blitsvinnige gebruik van die blokhamer [soos in hof gebruik word]. Indien Rayburn misluk het, sou die weermag ongeveer twee derdes van sy krag en driekwart van die offisierskorps verloor het" (*"How Mr. Sam Saved the Draft," The Washington Post*, 18 Augustus 1991).

Enigiemand wat wêreldsake dophou, kon die waarskuwingstekens sien van wat aan die kom was. Baie mense wou egter glo dat die ramp nie sou plaasvind nie. Japan het sy krag aan China getoon en verhoudings tussen Japan en die V.S. het vir die grootste gedeelte van 'n dekade versleg. "Teen die laat 1930's het Amerikaanse buitelandse beleid in die Stille Oseaan afgehang van ondersteuning vir China en aggressie teen China deur Japan, sou Japan dus noodwendig in konflik met die Verenigde State bring" (*"Pearl Harbor attack," Britannica.com*, 30 November 2022).

Japan het reeds dele van China oorgeneem en Japannese en Chinese soldate het voortgegaan om te veg. "Gedurende die nag van 7 Julie 1937 het 'n klein Japannese mag wat met krygsoefeninge naby die Marco Polo-brug besig was, toegang tot die klein ommuurde dorpie Wanping geëis om na een van hulle soldate te soek" (*"Marco Polo Bridge Incident," Britannica.com*, 30 Junie 2022). Die Chinese garnisoen het veiligheidstroepe toegang geweier. Onderhandelings het etlike ure lank geduur. Uiteindelik is 'n skoot afgevuur en wat begin het as 'n plaaslike skermutseling tussen twee klein afdelings soldate het in die Sino-Japannese Oorlog (1937-1945) ontaard.

In retrospek, of daar gekyk word na Hitler en Mussolini in Europa of Japan se stappe in Oos-Asië, het die wêreld slaapwandelend in die grootste konflik beland wat die mensdom nog ooit beleef het, waarin 'n geraamde 40 tot 70 miljoen lewens verlore sou gaan. Is dit vandag enigsins anders? Is ons ook op die drumpel van die ondenkbare?

Japan het hom misreken ná die Marco Polo-brug-voorval. Wat hulle gedink het 'n kort oorlog sou wees, het China se strydende kommunistiese en nasionalistiese magte saamgesnoer om 'n gemeenskaplike vyand te beveg – 'n geveg wat vir agt wrede jare voortgeduur het. Japan het nie natuurlike hulpbronne soos olie, yster, rubber en ander grondstowwe gehad nie en daarom het sy magte teen Frans-Indo-China (Viëtnam, Laos, Kambodja en 'n klein gedeelte van China) gedraai om die militêre krag te versterk. Dit het die alarm in Washington laat lui. "In Julie 1941, teen die tyd dat die Japannese die hele Indo-China beset het en 'n alliansie met die Spil-moondhede (Duitsland en

Italië) aangegaan het, het die V.S. se regering alle kommersiële en finansiële betrekkings met Japan verbreek. Japannese bates is gevries en 'n invoerverbod is verklaar op verskepings na Japan van petroleum en ander noodsaaklike oorlogsmateriaal" (*"Pearl Harbor attack," Britannica.com*).

Die skielike aanval op Pearl Harbor was die gevolg van magte wat onverbiddelik na 'n kragmeting gelei het. Japannese vliegtuie het nie "uit die niet verskyn nie" vir wie ookal bereid is om die feite te aanvaar. Dit was 'n versekerde resultaat van 'n geleidelike naderdrywing aan oorlog wat 'n dekade vroeër begin het.

**Ons Wêreld: Voorbereiding vir Oorlog**

Die vraag vandag is: *Waarheen is ons wêreld nou op pad?* 'n Noemenswaardige geleerde van geskiedenis, wie bekend is as 'n realis, het aan ons die antwoord gegee. Die volgende opskrif het *op NBC News* verskyn: *"Ex-Soviet Leader Mikhail Gorbachev: 'World is Preparing for War'"* (27 Januarie 2017). Dit was vyf jaar voordat Rusland die Oekraïne binnegeval het. Net soos wat die samelewing gedurende die 1930's tydens die grootste konflik in die mensdom se geskiedenis aan die slaap was, so wandel ons nasies al slapende, een besluit op 'n slag, 'n ramp tegemoet.

Die oorlog teen die Oekraïne was veronderstel om vinnig en maklik vir Rusland te wees – net soos Japan wat verwag het dat die oorlog teen China sou wees. President Poetin en sy raadgewers was verkeerd. Minder as twee maande nadat Poetin se "spesiale militêre operasie" begin het, het die Oekraïne Rusland se vlootvlagskip in die Swart See gekelder. Dit het gelei tot hierdie verskriklike opskrif: "'Die Derde Wêreldoorlog het begin', sê die staatsmedia van die Kremlin nadat die Russiese oorlogskip Moskva gesink het". Die artikel het verder gelui:

> Olga Skabeyeva, een van Poetin se top-mediafigure het ... vreemd genoeg, beweer dat die oorlog in die Oekraïne ontwikkel het tot 'n oorlog teen NAVO. "Waarin dit ontwikkel het, kan met veiligheid die Derde Wêreldoorlog genoem word. Dit ly géén twyfel nie! Nou veg ons beslis teen NAVO-infrastruktuur, indien nie teen NAVO sélf nie. Dit is nodig dat ons dit erken" (*"'World War III has begun', says Kremlin state media after sinking of Russian warship Moskva," Free Press Journal*, 15 April 2022).

Was haar beoordeling so "vreemd" soos MSN berig het? Nie volgens pous Fransiskus nie. Hy het 'n maand later 'n soortgelyke opinie van die situasie uitgespreek.

> "Die Derde Wêreldoorlog is verklaar," het pous Fransiskus op 19 Mei 2022 in 'n gesprek oor baie onderwerpe met die redakteurs van die Europese Jesuïete publikasies gesê, met verwysing na Rusland se aanval teen die Oekraïne ... "Die wêreld is in 'n oorlog betrokke", het hy gesê. "Volgens my is die Derde Wêreldoorlog vandag verklaar. Dit is iets wat ons tot nadenke behoort te stem. Wat is besig om met die mensdom te gebeur dat ons drie wêreldoorloë in een eeu beleef?" (*"Pope Francis: 'World War III has been declared,'" America: The Jesuit Review*, 14 Junie 2022).

Was dit oordrewe? Hierdie twee aanhalings is kwalik die enigstes wat hierdie mening uitspreek. Rob Lownie het op *Unherd.com* op 16 Januarie 2023 geskryf:

> Die Derde Wêreldoorlog het reeds begin – volgens een van Frankryk se voorste intellektuele, Emmanuel Todd. Die antropoloog en geskiedskrywer het met *Le Figaro* gepraat en beweer dat ... die Weste ook in 'n "bestaans"-konflik betrokke geraak het.
> "Dit is duidelik dat die konflik, wat begin het as 'n beperkte oorlog oor grondgebied, toegeneem het tot 'n wêreldwye ekonomiese konfrontasie met die hele Wester-se wêreld aan die een kant en Rusland en China aan die ander kant en dit het nou 'n wêreldoorlog geword", het Todd aan die Franse koerant gesê (*"Emmanuel*

*Todd: World War III has already begun," The Post*, 16 Januarie 2023).

Die Weste het telkens van plan verander wat betref die omvang van dodelike wapens wat aan die Oekraïne se president Volodymyr Zelenskyy se regime gegee is, sodat die Weste homself toegelaat het om verder in die konflik betrokke te raak. Die V.S. het gesê hulle sal nie Patriot-missiele [grond tot lug missiele] stuur nie, maar het later toegegee onder druk van Zelenskyy. Die een NAVO-land na die ander het besluit om nie tenks te stuur nie, maar het later teësinnig toegegee. Elke keer wat hulle 'n ommekeer gemaak het, het dit meer "betrokkenheid" vir NAVO-nasies beteken en elke keer is meer belê en hoe moeiliker het dit geraak om uit die stryd te tree en aansien te behou. NAVO se besluit om moderne tenks na die Oekraïne te stuur, het hierdie woedende reaksie van Moskou ontlok:

> Rusland het op 25 Januarie 2023 gewaarsku dat Duitsland se besluit om dosyne moderne tenks na die Oekraïne te stuur "uiters gevaarlik" is en "die konflik na 'n nuwe vlak sal neem" ... Poetin-propagandis Yevgeny Satanovskyy ... het aan die *Waldman-LINE*-kanaal gesê dat kernmissiele in die middel van Duitse demokrasie gebruik behoort te word. Hy het gesê: "Duitse tenks met kruise op hulle wapenrustings sal weer deur die Oekraïne marsjeer en Russiese soldate aanval" ... Intussen het Poetin se gunsteling-propagandis, Vladimir Solovyov, ook uitgevaar oor die stap, wat hy duidelik gesien het as ... 'n bewys in Russiese oë dat Duitsland direk by die oorlog aangesluit het ("'Hierdie uiters gevaarlike besluit neem die konflik na 'n nuwe vlak': Woedende Rusland beloof Westerse voertuie sal 'brand' met Duitsland se bevestiging dat hulle tenks aan die Oekraïne sal gee ... wat Poetin se TV-marionette aangespoor het om 'n NUKE-kernaanval op Berlyn te eis," *The Daily Mail*, 25 Januarie 2023).

Die tenkbesluit is skaars geneem toe Zelenskyy begin druk uitoefen op NAVO om vegvliegtuie te stuur. Voor die laerhuis in Londen, "is aan die Britse Minister van Verdediging, Ben Wallace, gevra oor berigte met betrekking tot die moontlikheid van die 'vervaardiging van 'n vegvliegtuig-koalisie met die Oekraïne'". Sy antwoord op die vraag is baie akkuraat. "'Sedert ons die stryd aangepak het om tenks na die Oekraïne te neem, is dit verstaanbaar dat mense vra wat die volgende vermoë sal wees', het Wallace geantwoord. 'Wat ons van al hierdie eise weet, is dat die aanvanklike reaksie nee [negatief] is, maar die uiteindelike antwoord is ja [positief]'" *("Biden rules out Providing F-16 Fighters to Ukraine, As Debate Picks Up in Europe," CNS News*, 31 Januarie 2023).

Dit het vroeg reeds duidelik geword dat Poetin *heeltemal* betrokke was – hy het soveel belê in die saak dat hy nie kon bekostig om te verloor indien hy hoop om aan bewind te bly nie. Dit is nou duidelik dat NAVO in dieselfde koerslose boot vaar. NAVO en die Weste kan nie bekostig om te verloor nie. Wat begin het as 'n beperkte gebiedsoorlog, het gaandeweg in 'n wêreldwye konflik ontaard. Wanneer die mensdom se groot magte vasgevang word in 'n konflik wat nie een van hulle kan bekostig om te verloor nie, sal dit waarskynlik nie goed vir die planeet eindig nie. Wat ons deesdae sien is 'n herhaling van die 1930's!

In Ernest Hemingway se boek, *The Sun Also Rises*, vra Bill Gorton vir Mike Campbell hoe hy bankrot geraak het. Mike se antwoord? "Twee maniere. Geleidelik en dan skielik".

Wêreldoorloë ontstaan nie uit die niet nie. Die denkbeeldige Mike Campbell se antwoord is van toepassing op baie dinge in die lewe, met inbegrip van groot konflikte. Klein toenemende besluite deur nasies bou op totdat iets breek. Die sluipmoord op aartshertog Franz Ferdinand op 28 Junie 1914 was die hoogtepunt van spanning wat onder die oppervlak teenwoordig was en dit het vinnig die vonk geword wat die Eerste Wêreldoorlog laat ontvlam het. Die voorval van die Marco Polo-brug in China was die vonk van 'n dekade-lange opbou na oorlog in Asië wat ver van daardie vasteland af versprei het.

**Wat u Bybel voorspel**

Baie mense sal verbaas wees om te besef dat wat ons vandag in Europa sien gebeur, reeds voorspel is in die boek wat as die Bybel bekend staan. Nee, Rusland wat Oekraïne aanval word nie spesifiek genoem nie, maar die gevolge van die inval word wel genoem. Ons hier by *Die Wêreld van Môre* het al dekades lank artikels gepubliseer wat voorspel dat Duitsland weer 'n groot militêre mag sou word en dat dit bestem is om tien nasies of leiers te lei om weer oorlog teen die wêreld te maak. Hierdie voorspelling word in die bladsye van die Bybel gevind. (Sien ons hulpbronne, *Duitsland in Profesie* en *Die Dier van Openbaring: Mite, beeldspraak of werklikheid?*)

Ek het in ons Julie 2023 *Wêreld van Môre*-tydskrif verduidelik: "Meer as een president van die Verenigde State het Duitsland en ander Europese state versoek om hulle verpligtings na te kom om 2 persent van hulle BBP aan verdediging te bestee. Die gewese president Donald Trump het selfs so ver gegaan as om te dreig om uit die [NAVO]-alliansie te onttrek indien hulle dit nie doen nie ... Vladimir Poetin het dit feitlik oornag verander".

Duitsland en ander Europese nasies probeer koorsagtig om in te haal op die bedreiging wat hulle in die gesig staar. Duitse kanselier Olaf Scholtz het aangekondig dat sy nasie die 2 persent jaarlikse drempel vir militêre besteding sal oorskry en 'n bykomende 100 miljard euros opsy sal sit om die dalende *Bundeswehr* te herbou. Dit sal tyd neem en sal nie oornag gebeur nie, maar die ware verskyning van hierdie dier-mag is dalk nie meer ver nie.

Neem hierdie skokkende opskrif in die *Jerusalem Post* van 28 Desember 2022 in ag: "Dmitri Medwedef die voormalige president van Rusland en 'n ywerige ondersteuner van die oorlog in die Oekraïne het gesê 'Vierde Reich' bestaan uit Duitsland en Pole". Die artikel gaan dan voort: "'Die Vierde Reich sal geskep word, wat die grondgebied van Duitsland en sy satelliete insluit, dit wil sê: Pole, die Baltiese state, Tsjeggië, Slowakye, die Republiek van Kiëf en ander uitgeworpenes'".

Nie een van ons weet met sekerheid wat die presiese tyd is vir die totstandkoming van hierdie "Vierde Reich" nie, maar die feit dat iemand van Medwedef se statuur hierdie voorspelling gemaak het, moet nie geredelik verwerp word nie. Mens wonder wat hy weet van wat agter die skerms aangaan. Die antwoord kan in 'n artikel van die *Asia Times* gevind word:

> Die V.S. se Minister van Buitelandse sake, Antony Blinken, het waarskynlik gedink dat in sy selfaangestelde rol as die wêreld se polisieman, dit sy uitsluitlike voorreg was om na te gaan wat aangaan tussen Duitsland, China en Rusland waarmee hy nie bekend was nie. Blinken se oproep op Vrydag (Desember 2023) aan die Chinese Minister van Buitelandse sake, Wang Yi, het egter op 'n fiasco uitgeloop.
>
> Sy voorneme was sekerlik om besonderhede te bekom oor twee hoëvlak besprekings wat die Chinese president Xi Jinping die vorige week op opeenvolgende dae gehad het – onderskeidelik met die Duitse president Frank-Walter Steinmeier asook die voorsitter van die Verenigde Russiese Party en die voormalige Russiese president Dmitri Medwedef.
>
> Blinken het waarskynlik 'n intelligente raaiskoot gewaag naamlik dat Steinmeier se telefoonoproep daardie Dinsdag na Xi en Medwedef se verrassingsbesoek aan Beijing en sy vergadering met Xi die Woensdag dalk nie toevallig was nie ("A Germany-China-Russia triangle on Ukraine," 25 Desember 2022).

'n Mens kan net wonder wat in hierdie vergaderings gesê is. Watter binnekring inligting het Medwedef Is sy voorspelling van 'n vierde Reich wat in 2023 tot stand sal kom, 'n wilde spekulasie? Weet hy dalk meer as die res van ons? Die tyd sal leer of sy tydsberekening korrek is, maar volgens die Bybel is die voorspelling andersins akkuraat en die toestand van die wêreldorde laat ons besef dat ons verseker in die tydperk is vir hierdie dier-mag om in Europa tot stand sal kom.

Die ondergang van die V.S. kan hierdie geopolitieke verskuiwing versnel en Medwedef het 'n paar voorspellings in

daardie verband gehad. "Hy het verder gesê: 'Die Bretton Woods-stelsel van monetêre bestuur sal in duie stort, wat sal lei tot die IMF en Wêreldbank se ineenstorting. Die euro en dollar sal nie meer sirkuleer as die wêreldwye reserwe-geldeenhede nie. Digitale geldeenhede sal in plaas daarvan aktief gebruik word'" (*The Jerusalem Post*). Dit is iets waaroor baie mense gedurende die afgelope paar jaar bespiegel het maar of 'n mens Bretton Woods verstaan of nie en hoe dit die V.S. se dollar as die reserwe geldeenheid van die wêreld opgestel het, is dit voldoende om te sê dat die lewe in die V.S. en ander Westerse nasies oornag dramaties ten slegste sou verander.

Om toekomstige gebeure te voorspel is moeilik en die tydsberekening daarvan is selfs moeiliker. God openbaar egter die geskiedenis vooraf in die bladsye van Sy Woord, die Bybel. Meer as 2,500 jaar gelede het God vir die profeet Daniël 'n uiteensetting van die wêreldgeskiedenis gegee en die groot imperiale magte geïdentifiseer wat die wêreld van daardie tyd af tot vandag toe sou vorm. Verdere besonderhede wat op hierdie raamwerk voortbou, is aan die apostel Johannes gegee wat dit in die boek Openbaring opgeteken het.

Dmitri Medwedef se voorspelling van 'n vierde Duitse Reich wat ander Europese nasies betrek, stem ooreen met Bybelprofesie. Die enigste vraag is: *Wanneer sal dit gebeur?* Baie dinge gebeur agter die skerms. Die V.S. is moreel bankrot, verwar deur 'n anti-God-agenda, erg verdeeld en finansieel in die skuld van meer as 31 *biljoen* dollar. Baie dieselfde kan gesê word van die V.K., Kanada, Australië, Nieu-Seeland en Suid-Afrika. Sommige mense voorspel 'n tweede Amerikaanse burgeroorlog wat die eensgesindheid sal verpletter wat nog in die nasie oor is. Indien dit gebeur, waar sal al die nasies staan wat afhanklik was van die "Amerikaanse sambreel"?

Bybelprofesie *sal* vervul word. Die V.S. en die nasies van Britse afkoms wat hulle Skepper verwerp het en hulleself aan onsedelikheid oorgegee het, *sal* tot niet gemaak word. Die oorlog in die Oekraïne is 'n ernstige bedreiging vir die Westerse sowel as die Oosterse moondhede. Volgens Bybelprofesie is daar 'n groot geopolitieke verskuiwing van Europa in die nabye toekoms aan die kom. Huidige bondgenote sal vyande word.

**Nie Die Eerste Nie**

Ons is kwalik die eerste geslag wat moeilike tye beleef, maar die Bybel moedig diegene aan wat God getrou gehoorsaam en vertrou. "Deur die geloof het Noag, toe hy 'n goddelike waarskuwing ontvang het aangaande wat nog nie gesien was nie, met eerbiedige vrees die ark gereed gemaak tot redding van sy huisgesin" (Hebreërs 11:7). Die wyse koning Salomo het ook verstaan dat dinge op die ou einde goed sal uitwerk vir diegene wat God vrees – diegene wat Hom werklik eerste in hulle lewens stel. "… aangesien 'n sondaar honderd maal kwaad doen en hy lank lewe – alhoewel ek weet dat dit goed sal gaan met die wat God vrees, omdat hulle voor sy aangesig vrees, en dit nie goed sal gaan met die goddelose, en hy die dae nie sal verleng soos 'n skaduwee nie, omdat hy voor die aangesig van God nie vrees nie" (Prediker 8:12-13).

Juda het in ballingskap gegaan en daarna is vier Joodse seuns saam met duisende ander seuns weggevoer na 'n vreemde land en 'n onseker toekoms. Daniël, Sadrag, Mesag en Abednégo het God vertrou onder die moeilikste omstandighede en God het hulle ondersteun (Daniël 3:6, 26-28).

Die profeet Jeremia het gedurende hierdie tyd in Jerusalem gewoon, maar God het hom beskerm toe die stad geval het (Jeremia 39:11-14). God het ook Jeremia se skrifgeleerde Barug beskerm (45:1-5) en eweneens die lewe gespaar van Ebed-Meleg, 'n Ethiopiese eunug wat op God vertrou het en gehelp het om Jeremia se lewe te red (38:7-13; 39:15-18). Vroeër was koning Dawid geen onbekende met gevaar nie, tog het hy God meer gevrees as die mens en God het oor hom gewaak al die dae van sy lewe. "Ek vertrou op God, ek vrees nie; wat kan 'n mens my doen?" (Psalm 56:12)

'n Ongewone visioen wat in Eségiël 9 opgeteken is, beeld die stad Jerusalem uit in 'n metafoor en boodskap vir die noordelike tien stamme van Israel (Eségiël 9:2-5). In hierdie visioen word ses manne aangesê om deur die stad te gaan en sy inwoners dood te maak, maar daar is 'n sewende man met 'n inkpot aan sy heupe wat deur die stad moes gaan en 'n merk maak op die voorkoppe van almal wat "sug en steun" (weeklaag) oor die gruwels wat tussen hulle medeburgers gedoen is. Die laks-

*Vervolg op bladsy 20*

# 'n Steengroef van lewende stene

## Deur Dexter Wakefield

'n Steengroef is 'n plek waar klip vir konstruksiedoeleindes gemyn word. In die Verenigde State, byvoorbeeld, is die state van Suid-Carolina, Noord-Carolina en Georgia bekend vir hulle hoë-gehalte granietgroewe. Klip van hoë gehalte kan ook op baie ander plekke regoor die wêreld gevind word. 'n Deftige huis kan 'n graniet blad van Brasilië of travertyn vloere uit Italië of Turkye hê. Klip word oor die hele wêreld vir konstruksiedoeleindes uitgegrawe.

Net 'n paar mense verstaan deesdae dat God Sélf besig is met 'n werk soos in 'n steengroef. Wat beteken dit vir diegene wat daarna streef om op hulle geestelike reis as Christen vordering te maak?

**Stille konstruksie**

Die tempel wat koning Salomo gebou het, was op 'n merkwaardige manier gebou.

> "Verder het koning Salomo uit die hele Israel die dwangarbeiders laat opkom, sodat die dwangarbeiders dertigduisend man was. En hy het hulle gestuur na die Líbanon, tienduisend elke maand by beurte; een maand was hulle op die Líbanon, twee maande tuis; en Adoníram was oor die dwangarbeid. Salomo het ook sewentigduisend draers en tagtigduisend klipkappers op die gebergte gehad, behalwe die hoofopsigters van Salomo wat oor die werk was, drieduisend-driehonderd wat bevel gevoer het oor die mense wat die werk doen. En die koning het bevel gegee om groot klippe, kosbare klippe uit te breek om die fondament van die huis met gekapte klippe te lê. En die bouers van Salomo en die bouers van Hiram en die Gibliete het dit gekap en die boomstamme en die klippe bewerk om die huis te bou ... En toe die huis gebou is, is dit opgetrek van klippe, kant en klaar uit die breekplek: hamers en koubeitels, enige ystergereedskap, is nie gehoor by die huis toe dit gebou is nie" (1 Konings 5:13-18; 6:7).

Wanneer mens 'n tipiese konstruksieterrein besoek – byvoorbeeld 'n huis wat besig is om gebou te word – is daar baie geraas. Hamers of gereedskap om spykers in te kap op planke veroorsaak 'n algemene lawaai as gevolg van die werksaamhede van die werkers. In antieke tye was dit nie anders nie. Gedurende Salomo se leeftyd – die vroeë Ystertydperk – moes bekwame klipmesselaars die boumateriaal, waarvan baie klip was, in boublokke sny en met ysterhamers en beitels vorm, om in te pas. Klip sou by die steengroef grof gesny word en dan op die terrein fyner afgewerk word.

Die Bybel meld dat daar tienduisende werkers betrokke was, maar die konstruksiebestuur was anders as die standaardpraktyke van daardie tyd; die klip is nie net by die steengroef uitgekap nie, maar ook daar afgewerk. Dit sou vereis het dat die werkers wat die groot klipblokke moes afwerk, presiese mates gehad het waarvolgens hulle moes werk. Dan kon die voltooide klip na die tempelterrein vervoer word en sonder verdere werk met 'n hamer, 'n beitel of ander gereedskap, in plek geplaas word. Die konstruksieterrein vir Salomo se tempel was stil in vergelyking met dié van die meeste projekte in sy én ons tyd.

**'n Derde Tempel?**

Die glorieryke tempel wat Salomo gebou het, is omstreeks 586 v.C. deur die Babiloniërs vernietig. "En al die voorwerpe van die huis van God, groot en klein, en die skatte van die huis van die HERE en die skatte van die koning en van sy vorste, alles het hy na Babel gebring. En hulle het die huis van God verbrand en die muur van Jerusalem omgegooi en al die paleise daarvan met vuur verbrand, sodat al die kosbare voorwerpe daarvan vernietig is" (2 Kronieke 36:18-19).

Met Juda se teruggekeer na Jerusalem, gedurende die tyd van Esra en Nehemía, het hulle 'n tweede tempel gebou wat glad nie so glorieryk soos die eerste een was nie. "Maar baie van die priesters en die Leviete en die familiehoofde, van die oues wat die eerste huis gesien het, het hardop gehuil toe die fondament van hierdie huis voor hulle oë gelê is, terwyl baie met gejuig, met blydskap die stem verhef het" (Esra 3:12). Die tweede tempel is grootliks deur Herodes in Jesus se tyd uitgebrei, maar is in 70 n.C. deur die Romeine vernietig. Die westelike keermuur van die tempelberg bestaan steeds in die vorm van groot klippe wat deur Herodes die Grote daar geplaas is en die "Klaagmuur", soos dit dikwels genoem word, staan bekend as 'n belangrike geestelike heiligdom vir die Jode.

Sommige mense het al gevra of daar 'n derde tempel op die Tempelberg gebou sal word voordat Christus terugkom. Die Bybel sinspeel daarop dat dit wel sal gebeur – hoewel dit nie gebou hoef te word vir die offerandes om te begin nie. In Esra se tyd is die offerandes hervat sodra die priesterskap geheilig was, wat plaasgevind het *voordat* die fondament van die tweede tempel gelê is. "Van die eerste dag van die sewende maand af het hulle begin om brandoffers aan die HERE te bring, alhoewel die fondament van die tempel van die HERE nog nie gelê was nie" (Esra 3:6).

Dit het egter jare geneem om die eerste en tweede tempel te bou. Is dit moontlik dat die derde tempel reeds gedeeltelik kan bestaan? Sommige mense dink dat dit wél bestaan en baie vinnig saamgevoeg kan word uit reeds voltooide komponente. Organisasies soos die *"Temple Mount Faithful"* het groot hoekstene gesny en bakke, klere en ander items voorberei wat nodig is vir die diens van die tempel om te begin. Hulle het selfs probeer om 'n hoeksteen na die Tempelberg te neem. Dit is egter onbekend aan die wêreld of die hele derde tempel moontlik reeds in komponente iewers regoor Israel bestaan.

Om die offerandes te begin, sou dit nodig wees dat die priesterskap heringestel en geheilig word. Die proses van heiligmaking word in Númeri 19 beskryf.

**Die Tempel van God bestaan tans**

God stel egter die meeste belang in 'n heeltemal ánder soort tempel. "So is julle dan nie meer vreemdelinge en bywoners nie, maar medeburgers van die heiliges en huisgenote van God, gebou op die fondament van die apostels en profete, terwyl Jesus Christus self die hoeksteen is, in wie die hele gebou, goed saamgevoeg, verrys tot 'n heilige tempel in die Here, in wie julle ook saam opgebou word tot 'n woning van God in die Gees" (Efésiërs 2:19-22). Die grootste van alle tempels is dit wat geestelik is en gevorm is deur die mense van God se ware Kerk.

Die apostel Petrus werp meer lig op ons Skepper se uiteindelike konstruksieprojek:

"Kom na Hom toe, die lewende steen wat deur die mense wel verwerp is, maar by God uitverkore en kosbaar is; en laat julle ook soos lewende stene opbou, tot 'n geestelike huis, 'n heilige priesterdom, om geestelike offers te bring wat aan God welgevallig is deur Jesus Christus. Daarom staan dit ook in die Skrif: Kyk, Ek lê in Sion 'n uitverkore en kosbare hoeksteen, en die wat in Hom glo, sal nooit beskaam word nie. Vir julle dan wat glo, is Hy kosbaar; maar vir die ongelowiges *geld die woord:* Die steen wat die bouers verwerp het, dit het 'n hoeksteen geword; en: 'n Steen van aanstoot en 'n rots van struikeling – *vir dié* wat hulle daarteen stamp, omdat hulle aan die woord ongehoorsaam is, waarvoor hulle ook bestem is. Maar julle is 'n uitverkore geslag, 'n koninklike priesterdom, 'n heilige volk, 'n volk as eiendom verkry, om te verkondig die deugde van Hom wat julle uit die duisternis geroep het tot sy wonderbare lig, julle wat vroeër geen volk was nie, maar nou die volk van God is; aan wie toe geen barmhartigheid bewys is nie, maar nou bewys is" (1 Petrus 2:4-10).

God het Sy bouplanne. Christus is die belangrikste Hoeksteen en die Apostels en profete is die fondament. God se verwekte kinders is "lewende stene" en elkeen het 'n plek in

die struktuur, wat "goed saamgevoeg en goed saamverbind" is (Efésiërs 4:16).

Ons moet egter bepaal watter soort stene ons verkies om te wees. Let op die apostel Paulus se waarskuwing aan die Kerk in Korinthe:

> "WANT ons is medewerkers van God; die akker van God, die gebou van God is julle. Volgens die genade van God wat aan my gegee is, het ek soos 'n bekwame boumeester die fondament gelê, en 'n ander bou daarop; maar elkeen moet oppas hoe hy daarop bou. Want niemand kan 'n ander fondament lê as wat daar gelê is nie, dit is Jesus Christus. En as iemand op dié fondament bou goud, silwer, kosbare stene, hout, hooi, stoppels – elkeen se werk sal aan die lig kom, want die dag sal dit aanwys, omdat dit deur vuur openbaar gemaak word; en die vuur sal elkeen se werk op die proef stel, hoedanig dit is. As iemand se werk bly staan wat hy daarop gebou het, sal hy loon ontvang; as iemand se werk verbrand word, sal hy skade ly; alhoewel hy self gered sal word, maar soos deur vuur heen" (1 Korinthiërs 3:9-15).

Ons is almal besig om gevorm en gepoleer te word vir ons plek in daardie uiteindelike tempel as lewende stene – weg van die finale terrein in Jerusalem. Wat is dit van ons wat gevorm word? Elke beproewing wat ons het, elke moeilike keuse, elke daad van liefde of genade maak saak vir ons en vir God. Dít is omdat dít wat ons doen ons verander. Die keuses wat ons maak, beïnvloed ons karakter. Dit is nodig om die wil en karakter van ons Vader en Jesus Christus te hê.

'n Mens se wil is die krag om te kies. Kinders sal gewillig gehoor gee wanneer hulle gevra word om iets te doen wat hulle wíl doen, soos om 'n roomys te kry. Wanneer hulle egter aangesê word om iets te doen wat hulle nie wil doen nie, byvoorbeeld om hulle slaapkamer skoon te maak of speelgoed op te tel – leer hulle om hulle wil aan hulle ouers se wil ondergeskik te stel. Wanneer hulle volwassenes word, sal kinders wat korrek opgevoed is, van nature begeer om die regte dinge te doen wat hulle eens teëgestaan het.

Eweneens, wanneer Christene God moet gehoorsaam, stel ons ons wil ondergeskik aan Sy wil. Indien ons God toelaat om ons wil te verander, begin ons om keuses soos Syne te maak. Met verloop van tyd word ons wil meer en meer soos Sy wil. Waarlik, God bou Sy heilige, regverdige karakter in elkeen van ons. Elke keer wanneer ons ons wil uitoefen volgens Sy wil, deur Sy Wet van liefde te gehoorsaam, word ons verander en Sy Heilige Gees werk daagliks in ons om ons te verander. Selfs ons beproewings kan tot ons voordeel strek: "En ons weet dat vir hulle wat God liefhet, alles ten goede meewerk, vir hulle wat na sy voorneme geroep is" (Romeine 8:28).

Dink aan 'n meesterbouer wat met sy beitel en hamer aan 'n blok van klip werk – wat aan die een kant afsplinter en die ander kant poleer. Soms kan hierdie proses ongerieflik wees vir 'n "lewende steen", maar dit is nietemin produktief!

**Waar is God se Tempel vandag?**

In "steengroewe" regoor die wêreld word hierdie lewende stene voltooi en gereed gemaak vir finale vervoer om inmekaar gepas te word in Jerusalem. Die stene van die eerste tempel is in steengroewe regoor Judea gevorm, maar die lewende stene vir die uiteindelike tempel van God word regoor die wêreld gevorm; die tempel van God bestaan oral waar God Sy volk geroep het. Christus sal kom en Sy uitverkorenes – Sy opgestane en onsterflike broers – versamel van al die plekke wat Hy met hulle gewerk het, selfs tot in die uithoeke van die aarde.

Christus werk met elkeen van ons – kerf 'n stukkie hiér af, poleer 'n bietjie dáár. Hy doen dit met elke Bybelse waarheid wat ons hoor en elke beproewing wat ons verduur. Dink aan watter soort steen u verlede jaar was, watter soort steen u vanjaar is en watter soort steen u volgende jaar gaan wees. Sal u 'n edelgesteente en 'n pilaar in daardie tempel wees? Onderwerp u uself aan die wil en vaardigheid van die Meesterbouer, Jesus Christus, wat self die belangrikste Hoeksteen is? WvM

**Besoek ons webwerf by: www.wvm.co.za**
**of vir Engelse literatuur: www.tomorrowsworld.org**

# Jerusalem: Toekomstige hoofstad van die wêreld

**Deur Richard F Ames**

*'n Stad wat sedert antieke tye gebuk gaan onder probleme, het 'n merkwaardige toekoms wat voorlê!*

Die Palestynse nasionalistiese organisasie Hamas het in Desember 2022 sy planne aangekondig om "Jerusalem en sy heilige plekke te bevry" van Israeliese heerskappy. Baie min mense buite Israel het hulle daaraan gesteur. Hamas, wat allerweë as 'n terreurgroep veroordeel is, het sy 35ste bestaansjaar gevier deur landkaarte te versprei wat 'n "Palestina" aandui wat strek vanaf die Jordaanrivier tot by die Middellandse See – dit het die einde van Israel en die vestiging van Jerusalem as Palestina se hoofstad geïmpliseer. Hoewel min mense verwag dat Hamas se dreigemente sal slaag, bly dit 'n bron van spanning en bloedvergieting.

Alhoewel dit die middelpunt van konflik in die Midde-Ooste is, dink relatief min mense deesdae aan Jerusalem as 'n ware "wêreldstad". Die Amerikaanse tydskrif *Foreign Policy* publiseer 'n ranglys van "wêreldstede" wat die metropolitaanse gebiede aandui wat die kern van ekonomiese, politieke, media- en kulturele belang op ons planeet is. Vanaf Januarie 2023 is Londen in die Verenigde Koninkryk en die stad New York in die Verenigde State, die top-gegradeerde stede met 'n "*Alfa++*"-gradering. "Alfa+"-stede sluit Beijing en Sjanghai in China, Tokio in Japan en die eilandnasie Singapoer in. Jerusalem in Israel, wat ónder die "Beta"- en "Gamma"-ranglys val, word as "Toereikend" aangewys, met meer as 200 ander stede wat op die planeet, belangriker geag word as Jerusalem.

Finansiers verwys dikwels na die stad New York in die Verenigde State of Londen in die Verenigde Koninkryk as die hoofstad van die wêreld. Los Angeles, Kalifornië, word soms as die wêreld se vermaaklikheidshoofstad beskou. Meer as 1,5 miljard Moslems regoor die wêreld beskou Mekka as die belangrikste stad wat hulle geloof aanbetref en meer as 'n miljard Rooms-Katolieke beskou die Vatikaanstad as die belangrikste stad so ver dit húlle geloof aangaan. Gebaseer op die blote grootte is die Tokio-metropolitaanse gebied in Japan die wêreld se grootste stedelike gebied en die tuiste van meer as 35 miljoen inwoners.

Gemeet aan deesdae se gewildste maatstawwe lyk dit of die antieke stad Jerusalem nie baie belangrik is nie. U Bybel openbaar tog 'n redelik onbekende feit: Jerusalem sal die middelpunt wees van geprofeteerde eindtydgebeure en sal binnekort die hoofstad van die planeet Aarde word!

**Die manjifieke Babilon het opgang gemaak en kom tot 'n val**

Koning Nebukadnésar het die hangende tuine van Babilon gebou wat lank beskou is as een van die sewe wonders van die antieke wêreld. Die antieke Griekse geskiedskrywer Herodotus het met betrekking tot Babilon geskryf dat benewens sy grootte, "daar in grootsheid geen ander stad is wat naastenby daarmee vergelyk kan word nie" (*Histories*, boek 1, afdeling 178).

Babilon was op 'n stadium die wêreld se grootste stad. Geskiedkundiges en argeoloë beweer vandag dat dit die eerste stad was wat 'n bevolking van meer as 200,000 inwoners gehad het. In 2019 is dit deur die Verenigde Nasies se Opvoedkundige, Wetenskaplike en Kulturele Organisasie tot 'n Wêreld-erfenisstad verklaar, net soos Jerusalem wat daardie benoeming in 1981 gekry het.

In die Bybel is koning Nebukadnésar se groot trots en gespog oor sy prestasies opgeteken. Die profeet Daniël het die koning gewaarsku om homself te verootmoedig. "Aan die einde van twaalf maande terwyl hy op die koninklike paleis van Babel rondwandel, het die koning aangehef en gesê: Is dit nie die groot Babel

wat ek opgebou het tot 'n koninklike verblyf, deur die sterkte van my vermoë, en tot verheerliking van my majesteit nie?'" (Daniël 4:29-30). God het koning Nebukadnésar gestraf en hy het uiteindelik sy les geleer: "Nou prys ek, Nebukadnésar ... die Koning van die hemel: al sy werke is waarheid en sy paaie is reg, en Hy kan verneder die wat in hulle trotsheid wandel" (vers 37).

Nebukadnésar se magtige ryk het uiteindelik tot 'n val gekom en die groot stad Babilon daarmee saam.

### Herleefde ryke se opkoms en ondergang

Die koninkryk van Babilon het tot 'n val gekom voor die groot Medo-Persiese Ryk en toe daardie ryk onder die Grieke tot 'n val gekom het, het die wêreld die opgang van die Grieks-Masedoniese Ryk aanskou. Die magtige krygsman, Alexander die Grote het militêre veldtogte regoor Europa en Asië onderneem, waardeur hy meer as 'n dosyn stede met die naam "Alexandrië" tot sy eie eer gevestig het. Die stad Alexandrië in Egipte het vir byna 'n duisend jaar as hoofstad van die Egiptiese koninkryk gedien voor die Moslem-verowering in 641 n.C. Met die opgang van die Romeinse Ryk het die stad Rome tot wêreldprominensie uitgestyg, met keisers en pouse wat vanaf sy beroemde sewe heuwels regeer het.

Waarom is hierdie koninkryke van belang? U Bybel openbaar 'n opeenvolging van groot koninkryke. Die profeet Daniël het dit voorspel en 'n raaiselagtige figuur beskryf met 'n kop van goud, 'n bors en arms van silwer, maag en dye van brons, bene van yster en voete van yster en klei (Daniël 2:32-43). Ons lees ook van 'n dier met tien horings wat wêreldryke verteenwoordig (Daniël 7). Die apostel Johannes het geprofeteer van 'n eindtydse "dier"-figuur wat die wêreld vanuit 'n magtige hoofstad sal regeer. Hoe magtig sal hierdie dier-krag word? Ons lees dat "aan hom is mag gegee oor elke stam en taal en nasie" (Openbaring 13:7).

Die goeie nuus is dat Jesus Christus, die toekomstige Koning van die konings, hierdie komende dier-mag sal oorwin en vernietig (Openbaring 17:14). Waar sal Christus die Koning, Sy Regering vestig? Watter stad op aarde sal die hoofstad van die wêreld wees?

Die antwoord is: Jerusalem! Baie verskillende Skrifture bevestig hierdie wonderlike feit. Let op na 'n spesifieke profesie oor die toekoms van hierdie stad: "DIE woord wat Jesaja, die seun van Amos, gesien het met betrekking tot Juda en Jerusalem. En aan die einde van die dae sal die berg van die huis van die HERE vasstaan op die top van die berge en verhewe wees bo die heuwels, en al die nasies sal daarheen toestroom" (Jesaja 2:1-2).

Gereelde lesers van ons *Wêreld van Môre*-tydskrif weet dat berge 'n Bybelse simbool vir 'n koninkryk of regering is. Jesaja het duidelik gesê dat die Here se Koninkryk in Jerusalem gevestig sal word. Ja, Jerusalem sal die hoofstad van die wêreld wees! Let op dat "al die nasies sal daarheen toestroom" en hulle aan die nuwe wêreldregering onderwerp.

Ons moet verstaan dat hierdie Regering nié in die hande van die selfsugtige mensdom sal wees nie. Dié nuwe Regering sal die wêreldregerende Koninkryk van God wees. Hierdie wêreldregerende Koninkryk sal deur die Verlosser en Koning van die konings, Jesus Christus, regeer word! Dit is die goeie nuus waarna ons almal uitsien. Ek hoop dat u uitsien na daardie tyd van wêreldvrede en sal smag na die Koninkryk om te kom en bid, "laat u koninkryk kom" soos ons geleer word om te bid in Matthéüs 6:10!

### Hedendaagse konflik oor Jerusalem

Wanneer die Vredevors terugkeer, sal Jerusalem Sy hoofstad word – die middelpunt van wêreldregering, godsdiensonderrig en opvoedkunde. Jerusalem se naam beteken inderdaad "stad van vrede". Dit lyk egter nie of daardie naam vandag se realiteit in dié gekwelde hoofstad weerspieël nie. Trouens, die meeste hedendaagse nasies erken nie eers Jerusalem as Israel se hoofstad nie as gevolg van daardie nasie se voortdurende geskille met die Palestyne, wat óók op die stad as *hulle* hoofstad aanspraak maak. Daar was 'n wêreldwye omstredenheid toe die V.S. president Donald Trump, in Desember 2017 aangekondig het dat die V.S., Jerusalem as Israel se hoofstad sal erken. Australië het 'n rukkie lank hulle voorbeeld gevolg, maar in Oktober 2022 sy besluit herroep en weer sy vorige

standpunt ingeneem dat Tel Aviv as die Israeliese hoofstad beskou word.

Sedert die Sesdaagse oorlog in 1967 was Israel in oorloë betrokke en het oor vredesvoorstelle met verskeie Arabiese state onderhandel. Israel kon egter nog nooit 'n permanente vredes-ooreenkoms met die Palestyne bereik nie. Voor sy dood in 2001, het Faisal Husseini, 'n verteenwoordiger van die Palestynse Owerheid in Jerusalem, verklaar dat Israel "moet onttrek uit die hele Oos-Jerusalem na die grense soos dit voor 1967 was ... alle nedersettings en Israeliese woonbuurte in Oos-Jerusalem moet afgebreek word ... Israel moet die Palestyne vergoed vir die skade wat aangerig is, met inbegrip van die veranderings in die karakter van die stad en die lewens van sy burgers" (*The Jerusalem Post*, 19 November 1999).

Israel het natuurlik nie uit Oos-Jerusalem onttrek nie en is ook nie van plan om dit te doen nie. In Julie 2000 het die Israeliese eerste minister Ehud Barak, gedoen wat geen Israeliese onderhandelaar voorheen gedoen het nie – hy het voorgestel dat Israel, administratiewe selfbestuur aan Palestyne in Oos-Jerusalem toestaan. Barak wou egter hê dat Israel veiligheidsbeheer oor Oos-Jerusalem behou en die Palestyne het sy voorstel verwerp. Onderhandelings het verbrokkel, wat aanleiding gegee het tot die huidige konflik. Wat het die dooie punt in die onderhandelings veroorsaak? Die een kwessie wat onoplosbaar blyk te wees, is die volgende: "Wie sal Jerusalem beheer?"

Indien albei kante hulle standpunte as ononderhandelbaar beskou, is dit uit die aard van die saak 'n dooiepunt. Die Israeliese standpunt bly onveranderd – dit wil sê, hulle dring daarop aan dat Jerusalem verenig sal bly onder uitsluitlike Israeliese soewereiniteit.

Ja, die verskil tussen sienings oor die soewereiniteit van Jerusalem blyk onoorbrugbaar te wees! Wat is die mening van die internasionale gemeenskap oor hierdie konflik? Wat is die oplossing? In 1980, toe Israel Jerusalem as sy "verenigde en ewige hoofstad" verklaar het, het die Vatikaan sterk beswaar gemaak teen daardie verklaring. Later, in 1984, het pous Johannes Paulus II gevra dat Jerusalem "spesiale internasionaal gewaarborgde status" kry. In sy Paasfeestoespraak in April 2022, het pous Franciscus daarop aangedring dat Israeli's en Palestyne "vrye toegang tot die heilige plekke verkry in wedersydse respek vir die regte van albei".

Ons kan seker wees daarvan dat die status van Jerusalem steeds 'n groot kwessie in geopolitiek sal wees. Hou gerus die Midde-Ooste dop en die verloop van gebeure wat groot veranderings in politieke en godsdienstige beheer oor die stad Jerusalem sal beteken.

**Vertrap deur heidene**

Jesus het gepraat van 'n tyd wanneer vyandelike leërs die Heilige Land sal binneval en die stad Jerusalem sal omsingel. "En wanneer julle Jerusalem deur leërs omsingeld sien, dan moet julle weet dat sy verwoesting naby is" (Lukas 21:20). Ons sien dus dat Jesus sê daar ten minste twee tekens is om na op te let: Die "gruwel van die verwoesting" (Matthéüs 24:15; Markus 13:14) asook Jerusalem wat omring is deur leërs. Dit sal nie net enige leërs van die Midde-Ooste wees nie, maar die heidense leërs wat Jerusalem vir drie-en-'n-half jaar sal beheer, soos ons in Openbaring 11:2 lees. In Lukas 21 lees ons die volgende:

> "Want dit sal dae van wraak wees, sodat alles wat geskrywe is, vervul kan word. Maar wee die vroue wat swanger is en die wat nog soog in daardie dae; want daar sal 'n groot nood in die land wees en toorn oor hierdie volk. En hulle sal deur die skerpte van die swaard val en as krygsgevangenes geneem word na al die nasies, en Jerusalem sal vertrap word deur die nasies totdat die tye van die nasies vervul is" (Lukas 21:22-24).

Die apostel Johannes het geskryf: "En 'n riet soos 'n stok is aan my gegee, en die engel het gestaan en gesê: Staan op en meet die tempel van God en die altaar en die wat daarin aanbid. Maar die voorhof buitekant die tempel moet jy uitlaat en dit nie meet nie, want dit is aan die heidene gegee; en hulle sal die heilige stad twee-en-veertig maande lank vertrap" (Openbaring 11:1-2).

Vir 42 maande sal die

Heilige Stad Jerusalem nie deur die Jode beheer word nie, maar deur die heidene. Wanneer u deur die boek Openbaring lees, sal u opmerk dat hierdie tydperk van drie-en-'n-half jaar die Wederkoms van Christus voorafgaan.

**Daaglikse offerande begin en eindig**

Nadat Daniël 'n openbarende visioen van 'n engel ontvang het, het hy gevra wat die boodskap beteken. Die engel het vir hom gesê: "Daniël, want die woorde bly verborge en verseël tot die tyd van die einde toe" (Daniël 12:9). Meer as 2,500 jaar later kan ons nou hierdie profesieë verstaan – *dit is* die tyd van die einde!

Hierdie profesieë bevat een lewensbelangrike eindtydse uiteensetting wat baie mense nie raaksien nie: "En van die tyd af dat die voortdurende offer afgeskaf en die ontsettende gruwel opgerig word, sal duisend-tweehonderd-en-negentig dae verloop" (Daniël 12:11). God openbaar dat teen die tyd van die einde, kort voor die Wederkoms van Christus, die daaglikse offer "afgeskaf" sal word. Dit beteken uiteraard dat die offers eers begin moet word! Die Romeinse leërs het Jerusalem en die tweede tempel in 70 n.C. vernietig. Die Jode het sedert daardie tyd nie tempel-offers gebring nie.

Hou in gedagte dat die Jode in antieke tye, toe hulle uit ballingskap na Jerusalem teruggekeer het, eintlik begin offer het *voordat* hulle die fondament gelê het om hulle tempel te herbou. Die Jode het ook die Huttefees met daaglikse offers onderhou (Esra 3:4) en "Van die eerste dag van die sewende maand af het hulle begin om brandoffers aan die HERE te bring, alhoewel die fondament van die tempel van die HERE nog nie gelê was nie" (vers 6).

Let op nog 'n belangrike punt: Waarheen het die ballinge teruggekeer? Esra verwys na die ligging van die heilige plek as die "huis van God" (hoewel die tempel nog nie herbou was nie (Esra 3:8). Dit was ongeveer 536 v.C. Daar was egter nog geen gebou nie – die res van Esra 3 beskryf die lê van die tempel se fondament.

Die feit is dat offers op 'n heilige plek gebring moet word, maar hierdie voorbeeld in Esra wys vir ons dat daar daagliks offers gemaak is *al was daar nie* 'n fisiese gebou wat 'n tempel genoem kon word nie. Die terugkerende Joodse ballinge het na die Heilige Plek verwys as die "huis van die HERE" al was daar geen tempel gebou nie. Gedurende die afgelope paar jaar het Jode aangedring op 'n godsdienstige teenwoordigheid op die Tempelberg, waar slegs Moslems tans toegelaat word om te aanbid. Die heiligste plek wat tans onder beheer van die Joodse godsdiensowerhede is, is die Westelike Muur of die Klaagmuur – die westelike keermuur na die Tempelberg.

Offers is egter om 'n ander rede nog nie moontlik nie. Een element wat lank ontbreek het vir die Jode om te begin offer, was die ritueel om rein kalwers dood te maak. Die karkasse van hierdie kalwers moes verbrand word om die as te kon gebruik vir antieke reinigingsrituele. Bekend as "rooi verse" moes hierdie spesiale kalwers ten minste twee jaar oud wees en nooit vir werk gebruik gewees het nie. Hulle moes geen brandmerke of deurboorde ore hê nie, ook geen vlekke en nie meer as twee anderskleurige hare nie. Die Joodse Tempel-instituut berei al dekades lank voor vir toekomstige diere-offers en in 2022 het die instituut vyf potensieel aanvaarbare jaaroue kalwers vanaf 'n Texasboerdery ontvang wat vir rituele reinheid geïnspekteer sal word soos wat hulle ouer word ("*Red Heifers Arrive in Israel,*" *Israel365News.com*, 16 September 2022). Sal een van hierdie verse gebruik word ter voorbereiding vir 'n her*-instelling van die daaglikse offer – mét of sonder 'n herstelde tempelgebou?

**'n Duisendjarige vrederyk**

Jesus Christus sal van die Hemel af kom, saam met al die opgestane heiliges om die aarde te regeer vir 'n duisend jaar van vrede en voorspoed. Jerusalem sal Sy hoofstad wees – die hoofstad van die wêreld. Jerusalem sal nie net die wêreld se regeringshoofstad wees nie, maar ook sy opvoedkundige hoofstad.

Die groot Opvoeder en Leermeester, Jesus Christus, sal ware kennis onderrig wat gebaseer is op die Woord van God. "So sê die HERE: Ek keer terug na Sion en sal midde-in Jerusalem woon; en Jerusalem

*Vervolg op bladsy 21*

# Evolusie se skandalige geheimpies

## Deur Wallace G. Smith

In Desember 2022 het die bekende veilingslokaal, Sotheby's 'n handgeskrewe, 1865-manuskrip van Charles Darwin opgeveil, wat die evolusie-teorie verdedig wat hy in 1859 gepubliseer het in sy beroemde *On the Origin of Species by Means of Natural Selection, of The Preservation of Favored Races in the Struggle for Life*. Die bod is toegeslaan op £719,000 – sowat USD$ 882,000. 'n Mens kan wonder, *waarom sou iemand só 'n hoë prys vir 'n enkele boek betaal?*

Daar is talle faktore, maar Darwin se indrukwekkende rol in die menslike geskiedenis is waarskynlik die grootste faktor. Sotheby's het Darwin se *Origin of Species* "een van die grootste prestasies van wetenskaplike ontdekkings", genoem. Met verwysing na dieselfde boek het die wetenskaplike geskiedskrywer, Bern Dibner eenmaal geskryf: *"This, the most important single work in science, brought man to his true place in nature"* (*Heralds of Science*, 1955, bl. 92). Dit is verseker 'n indrukwekkende lofbetuiging.

Sedert Darwin sy boek meer as 160 jaar gelede vir die eerste keer gepubliseer het, is die teorie van evolusie deur natuurlike seleksie een van die belangrikste wetenskaplike teorieë in die geskiedenis. Die mate waarin dit die hedendaagse lewe op feitlik elke terrein van begrip gevorm het, sou moeilik wees om te oorskat. Met 'n onmeetlike impak op wetenskap, filosofie, onderwys, politiek en sekerlik ook godsdiens, het dit 'n kragtige invloed op die vorming van die samelewing en beskawing uitgeoefen.

Baie invloedryke opinies verseker ons dat hierdie teorie ongetwyfeld waar is – met ander woorde, bo alle twyfel bewys en dat niemand wat enigsins intelligent of opgevoed is, dit eers sal *waag* om dit te bevraagteken nie. Baie intelligente individue sal volhou dat evolusie telkens as die waarheid bewys is en dat al die bewyse wat ons tot ons beskikking het, evolusie as 'n feit van die natuur bevestig. Ten minste een van die teorie se mees toegewyde aanhangers beweer dat om die waarheid van evolusie te betwyfel, daarop dui dat 'n mens onkundig, dom, stapelgek of boos is.

Dalk behoort ons seker te maak dat ons almal verstaan wat bedoel word met die term *evolusie*. Volgens die evolusieteorie het lewe báie lank gelede in 'n baie eenvoudiger vorm onstaan – miskien iets soortgelyk aan 'n mikroskopiese bakterie en dat die stryd om oorlewing oor miljarde jare, geringe toevallige variasies in die afstammelinge van daardie eerste lewensvorms beloon het – variasies wat hulle 'n voordeel gegee het; dalk om vinniger kos te vind, meer suksesvol te reproduseer en terselfdertyd die daaropvolgende lewensvorms te vertraag wie se toevallige aanpassingsvermoë minder gunstig was vir oorlewing.

Volgens evolusie het hierdie eenvoudige, natuurlike, onintelligente en ongeleide proses – natuurlike seleksie wat op willekeurige variasies inwerk – daardie mikroskopiese, bakterie-agtige organismes oor 'n paar miljard jaar verander in die verstommende en asemrowende verskeidenheid van lewensvorms wat ons vandag rondom ons sien, met inbegrip van die mens – sónder 'n Goddelike Ontwerper of Skepper.

Is dit egter akkuraat? Is die bewyse régtig so onweerlegbaar? Is die evolusie-teorie werklik *so* onbetwisbaar?

Indien alle lewe soos ons dit vandag ken, inderdaad die resultaat is van niks anders as verstandlose prosesse nie, dán ja, dan is Darwin se boek 'n uitstaande prestasie in die menslike geskiedenis, 'n belangrike ontdekking wat die mens werklik in 'n posisie plaas wat niks besonders of merkwaardig is nie – net 'n toevallige lewensvorm op 'n toevallige planeet, met géén uiteindelike doel nie. Daarom het die lewe hoegenaamd geen werklike betekenis nie – dit wil sê indién daardie teorie waar is.

Baie mense verkondig natuurlik luidkeels dat die evolusionêre teorie waar is. Die verdediger van evolusie, Jerry Coyne, skryf in sy gewilde boek, met die titel *Why Evolution Is*

*True:* "Evolusie is 'n feit. En verre daarvan om Darwinisme te betwyfel, steun die bewyse wat wetenskaplikes oor die afgelope een en 'n halwe eeu ingesamel het, dit heeltemal – wat 'n bewys is dat evolusie plaasgevind het en dat dit grootliks gebeur het – soos wat Darwin voorgestel het – deur middel van die werking van natuurlike seleksie" (2009, bll. Xiii-xiv). Coyne se oortuiging is nie vreemd in wetenskapkringe nie. Dit is inteendeel redelik algemeen.

Baie mense *wil* ongetwyfeld hê dat evolusie waar moet wees. Darwin se teorie het 'n mate van 'n ontsnappingsroete geword vir diegene wat hoop om die pragtige diversiteit en kompleksiteit van lewe sonder 'n Skepper te verduidelik. Soos bekende bioloog Richard Dawkins eenkeer gesê het: "Darwin het dit moontlik gemaak om 'n intellektueel vervulde ateïs te wees" (*The Blind Watchmaker*, 1996, bl. 10).

Is hy reg? Weereens, slegs indién dit bewys kan word dat evolusie waar is.

Dit is in werklikheid nié bewys nie.

Ten spyte van bewerings dat al die bewyse dit heeltemal ondersteun, is die waarheid dat evolusie 'n hele rits skandalige geheimpies het waaroor ons in klaskamers en populêre wetenskaplike programme nie te hard praat nie. Hierdie artikel sal die gordyn lig om net 'n paar van daardie skandalige geheimpies te ondersoek.

**Elke sel hou gevaar in**

Die eerste skandalige geheim wat ons sal ontbloot, is dat selfs die eenvoudigste lewende sel die evolusie-teorie kelder.

In Charles Darwin se tyd was daar min oor selle bekend. Eensellige organismes soos amebes is deur Darwin se tydgenoot, George Henry Lewes, beskryf as bloot "'n mikroskopiese klont jellieagtige stof, of protoplasma ... heeltemal sonder tekstuur en gevolglik ook sonder enige organe" (*Problems of Life and Mind*, 1877, bl. 38). In ander selle, soos dié in ons liggaam, kon 'n kern waargeneem word, maar die doel daarvan was 'n raaisel – die sel was andersins oor die algemeen sonder bepaalde kenmerke, met min besonderhede wat waargeneem kon word.

Gedurende daardie tyd, toe die kleinste, eenvoudigste eenheid van lewe *só* eenvoudig gelyk het – net 'n bietjie jellie met 'n paar vervelige kenmerke – was dit maklik om 'n mens te verbeel dat op een of ander manier, binne daardie geheimsinnige "lewegewende" jellie, *enigiets* kon gebeur. Soos wat mikroskope egter verbeter het en tegnieke ontwikkel is om die geheime van die aktiwiteite binne-in die sel sigbaar te maak, het ons ontdek dat hierdie sogenaamde eenvoudige "jellieagtige stof" gevul is metd die ingeboude vermoë van verstommende funksionele kompleksiteit, ingenieursvernuf en meesterlike ontwerp.

Ongeveer 'n *miljard* chemiese reaksies vind byvoorbeeld *elke sekonde* in 'n menslike sel plaas. Dit is ook nie toevallige chemiese reaksies nie. Elke menslike sel is gevul met duisende der duisende proteïene van tienduisende verskillende variëteite – molekulêre ingeboude vermoë wat ontwerp is om saam te werk en elk 'n spesifieke doel te bereik, wat hulle omgewing manipuleer om nuwe strukture te skep en oues uitmekaar te haal in 'n dinamiese samewerking van kompleksiteit wat die ruimtependeltuig in vergelyking daarmee primitief laat lyk.

Indien u 'n gratis eksemplaar bestel van ons gedetailleerde hulpbron, *Evolution and Creation: What Both Sides Miss* – of lees dit aanlyn by *TomorrowsWorld.org* – sal u 'n diagram sien van 'n motorproteïen wat sommige bakterieë gebruik om hulle te help om dit te aktiveer. Saamgestel uit 78,216 verskillende atome, is dit net een voorbeeld van die groot wêreld van die komplekse sellulêre ingeboude vermoë wat Darwin en sy tydgenote hulle nooit sou kon indink nie. Lewe is onmoontlik sonder hierdie komplekse molekulêre ingeboude vermoë en selfs die kleinste veronderstelde evolusionêre veranderings sal veranderings aan hierdie ingeboude vermoë of selfs die ontwerp van *nuwe* ingeboude vermoë vereis.

Dit is so onwaarskynlik soos dit klink. Die biochemikus Douglas Axe, het die waarskynlikheid ondersoek dat selfs een proteïen van enige beduidende funksionaliteit enigsins per toeval kan vorm en beraam dat dit 1 uit $10^{64}$ is – dit wil sê 1 uit 'n getal wat bestaan uit 'n 1 gevolg deur 64 nulle (*"Estimating the Prevalence of Protein Sequences Adopting Functional Enzyme Folds," Journal of Molecular Biology*, 2004, volume 341, uitgawe 5).

Saam met sy kollega Ann Gauger het Axe die moontlikheid ondersoek dat een proteïen uit 'n ander soortgelyke proteïen sou kon ontwikkel, met net 'n handjievol noodsaaklike veranderings aan die DNS. Hulle het gevind dat, teen die huidige tempo waarop mutasies plaasvind, dit $10^{27}$ jaar sou neem voordat so 'n verandering sou plaasvind – $10^{27}$ is 'n 1 gevolg deur 27 *nulle*, of *een oktiljoen*. Om dit in perspektief te plaas, hou in gedagte dat die wetenskaplike gemeenskap dit eens is dat ons heelal slegs 13,7 miljard jaar oud is en *een miljard* het slegs *nege nulle*. Met ander woorde, een proteïen wat in 'n ander ontwikkel, gaan net nie gebeur sonder intelligente ingryping nie.

Die eenvoudigste lewende sel kelder weereens die evolusie-teorie.

**Ontwerp is in ons DNS**

Die aard van DNS, die molekule wat ons so pas genoem het, is nóg een van evolusie se skandalige geheimpies omdat DNS 'n abstrakte koderingstelsel verteenwoordig wat na intelligensie verwys. Deoksiribonukleïensuur of kortweg DNS, wat onbekend was in Darwin se tyd, is verantwoordelik vir die oordra van die inligting wat nodig is om elk van die proteïene te vervaardig om lewe moontlik te maak. Elke kern in elke individuele normale sel in die menslike liggaam bevat ongeveer *twee meter* DNS wat in 'n mikroskopiese kolletjie verpak is – dit alles bevat die inligting wat nodig is om my en u te bou.

DNS gebruik basispare wat vier verskillende verbindings kombineer wat dieselfde funksie vervul as die ene en nulle in rekenaarkode [binêre stelsel], wat aan ons sellulêre ingeboude vermoë die gedetailleerde inligting verskaf wat nodig is om die komplekse proteïene te vervaardig wat lewe vereis. Proteïene lees ons DNS-kode en gebaseer op daardie inligting, kombineer nuwe proteïene van presies opeenvolgende aminosure saam – wat elke sel 'n komplekse chemiese fabriek maak, wat doelgerig gerangskikte nanoskopiese [onsigbaar klein] sellulêre ingeboude vermoë en van die mees ingewikkelde chemiese verbindings skep wat oral in die heelal voorkom.

Wat is die oorsprong van hierdie inligting – hierdie abstrakte programmeringskode? Evolusie kan nie die krediet daarvoor kry nie – dit is immers 'n verstandlose, doellose proses. Trouens, waar het DNS vandaan gekom? Proteïene kan nie vervaardig word *sonder* DNS nie en tog word DNS self *deur* proteïene saamgestel.

Die ontdekking van DNS behoort eintlik 'n groot sukses vir evolusie te gewees het – die geheim van hoe die eienskappe van lewe aan ons nageslag oorgedra word, is uiteindelik geopenbaar. In plaas daarvan was DNS egter 'n ramp vir evolusie. Die idee van 'n massiewe, inligtingsryke molekule wat 'n abstrakte programmeringskode bevat wat in staat is om die inligting te behou en te organiseer wat nodig is om die komplekse ingeboude vermoë van lewe te vervaardig, is onversoenbaar met evolusioniste se idee dat lewe in kompleksiteit ontwikkel het deur verstandlose, gebrekkige inligting en natuurlike prosesse.

Evolusioniste kan nie ontken dat DNS 'n abstrakte koderingstelsel verteenwoordig wat op intelligensie dui nie.

**Die gapings in Darwin se teorie**

Die volgende skandalige geheimpie van evolusie laat ons toe om die bordjies te verhang met betrekking tot diegene wat sou spot oor sogenaamde “blinde” geloof in 'n Skepper. Die geheim is dat sedert Darwin se tyd, die gapings in die fossielrekord meer geword het – nie minder nie.

Die evolusie-teorie is gebaseer op die idee dat stadige en bestendige opeenhoping van klein variasies plaasvind, aangesien groot “spronge” 'n aktiewe ontwerper of beplanner sou impliseer. Die resultaat, volgens evolusie, behoort geleidelike oorgange in die fossielrekord te wees – diere wat geleidelik, byna onmerkbaar “verander in” nuwe diere deur klein, egalige veranderings.

Dit is egter nie wat die fossielrekord toon nie. In plaas van 'n geleidelike, deurlopende oorgang van wesens, toon die rekord dat daar gapings tussen verskillende soorte wesens bestaan. Charles Darwin was bewus van hierdie probleem en het selfs in sy welbekende boek daaroor geskryf: “Geologie openbaar verseker nie sulke fyn grade van organiese kettings nie en dit is waarskynlik

die mees voor die hand liggende en ernstigste beswaar wat teen die teorie gemaak kan word. Ek glo dat die verduideliking te vinde is in die uiterste onvolmaaktheid van die geologiese rekord" (*On the Origin of Species*, 1883-uitgawe, bl. 265). Dit wil sê, Darwin het gehoop dat verdere fossiel-ontdekkings al daardie gapings sou vul terwyl paleontoloë hulle werk voortsit.

Wel, hulle het inderdaad 'n groot aantal fossiele ontdek en die fossiel-rekord is omvangryk. Ons vriend Darwin sou egter ontsteld gewees het. Die gapings het bly voortbestaan soos Michael Denton opgemerk het in sy invloedryke werk, *Evolution: A Theory in Crisis:*

> "Die volle prentjie van lewe op aarde vandag is so onderbroke, die gapings tussen die verskillende tipes so voor die hand liggend dat, soos Steven Stanley ons in sy boek *Macroevolution* herinner, indien ons kennis van biologie beperk was tot daardie spesies wat tans op aarde bestaan, "ons kan wonder of die leerstelling van evolusie enigsins as iets meer as 'n verregaande veronderstelling sou kwalifiseer". Sonder intermediêre of oorgangsvorms om die enorme gapings wat bestaande spesies en groepe organismes skei te oorbrug, kan die konsep van evolusie nóóit ernstig opgeneem word as iets meer as 'n wetenskaplike hipotese nie" (1985, bll. 157-158).

Natuurlik word die oënskynlik "aaneenlopende" lyne van evolusionêre vooruitgang dikwels opgehaal vir vertoon om voor te gee dat die gapings nie naastenby so skadelik is soos wat dit wél is nie. In handboeke en artikels wat die evolusionêre teorie verdedig, sal 'n mens teoretiese volgordes vir walvis-, perde- en selfs menslike evolusie sien. Tog is hierdie opeenvolgings nie net bedrieglik nie en is hierdie lyne van afkoms glad nie bewys nie – soos ons bespreek het in ons 2020-uitsending *"Evolution: A Whale of a Tale"*, wat u gratis aanlyn by *TomorrowsWorld.org* kan bekom. Die feit bly staan dat indien evolusie waar was, behoort sulke opeenvolgings die norm te wees, nié die seldsame uitsondering nie. Dit was 'n doring in Darwin se vlees wat vandag, meer as 160 jaar later, net so lastig bly.

Ironies genoeg beskuldig evolusioniste die gelowiges dikwels daarvan dat hulle geloof het in 'n "God van gapings" wat op magiese wyse al die dinge doen wat hulle nie kan verduidelik nie. Wanneer ons dan tog die bordjies verhang met betrekking tot die onverklaarbare leemtes in die fossiel-rekord, plaas dit evolusioniste in die posisie van blinde geloof en glo hulle in hulle eie "god van gapings" of meer akkuraat, in "Darwin se teorie van gapings".

**Dit is in die oë**

Om ons skandalige geheim van evolusie te ontbloot, hoef 'n mens nie 'n kenner van sellulêre biochemie, 'n genetikus of 'n fossielsoekende paleontoloog te wees nie. Al wat 'n mens hoef te doen is om in die spieël te kyk na u merkwaardige, evolusie-uitdagende oë want evolusie bied steeds geen geloofwaardige verduideliking vir hoe nuwe organe vorm nie.

Organe soos die oë verteenwoordig immers nie net verskillende gespesialiseerde weefsel nie, maar onderling gekoppelde stelsels – dikwels stelsel *op* stelsel – fyn ingestel en voortreflik gestruktureer om saam te werk. Wanneer een deel ontbreek, kan die hele stelsel misluk. Om die orgaan te verbeter sou behels dat elke stukkie of deeltjie *in samewerking met al die ander deeltjies ontwikkel*. Hierdie is 'n vlak van koördinasie wat evolusie eenvoudig nie kan bereik nie.

Die probleem is nie lank gelede nie in die Britse koerant, *The Guardian*, opgesom. Eerstens bied die artikel die tradisionele verduideliking vir die veronderstelde evolusie van die oog – die verduideliking wat deur duisende onderwysers en professore, dekades lank al aan talle studente gegee word. Hulle storie is dat diere wat om een of ander rede ligsensitiewe selle het, 'n reeks geringe mutasies ondergaan wat toenemend oorlewingsvoordele oordra. 'n Ligte swelling van die vleis rondom die selle kan moontlik help om die lig te fokus en uiteindelik word die spasie verseël deur 'n deurskynende bedekking van die een of ander aard om dan stadig die lens vorm. Dan

ontwikkel spiere om die lens beter te vorm en te laat fokus. *The Guardian* gaan voort:

> "Dit is die basiese storie van evolusie, soos dit in ontelbare handboeke en topverkoper wetenskap-handboeke weergegee word. Die probleem, volgens 'n groeiende aantal wetenskaplikes, is dat dit absurd, kru en misleidend is.
> Een daarvan is dat dit halfpad deur die storie begin en neem as vanselfsprekend die bestaan van ligsensitiewe selle, lense en irisse aan, sonder om te verduidelik waar dit in die eerste plek vandaan kom. Dit verduidelik ook nie genoegsaam hoe sulke delikate en brose komponente saamgesmelt het om 'n enkele orgaan te vorm nie. Dit is ook nie net oë waarmee die tradisionele teorie sukkel nie. "Die eerste oog, die eerste vlerk, die eerste plasenta. Hoe het dit ontstaan? Die verduideliking hiervan is die fundamentele motivering van evolusionêre biologie" sê Armin Moczek, 'n bioloog aan die Indiana Universiteit. "Ons het nogtans steeds nie 'n goeie antwoord nie. Hierdie klassieke idee van geleidelike verandering – een gelukkige toevalligheid op 'n slag – was tot dusver onsuksesvol" ("Het ons 'n nuwe evolusie-teorie nodig?" (28 Junie 2022).

Kortliks, evolusie verklaar dat dit kan verduidelik hoe ons liggame so uitsonderlik georden is en merkwaardige funksionele organe kwansuis geleidelik deur millennia heen gevorm het – maar in werklikheid het dit nie 'n benul van hoe dit gebeur het nie. Hierdie skandalige geheimpie, dat evolusie steeds geen goeie verduideliking bied vir hoe nuwe organe kan vorm nie, is vernietigend vir 'n teorie wat meer as 160 jaar gelede ontstaan het en steeds bly daardie vraag onbeantwoord.

**Ontmasker die towenaar**

Laat ek bieg: Ek weet dit word as 'n klassieke film beskou, maar ek was nog nooit 'n groot aanhanger van *The Wizard of Oz* nie. Die eerste keer toe ek dit gesien het was ek nog 'n jong kind en eerlikwaar, ek het die vlieënde ape nogal spookagtig gevind! Soos wat ek ouer geword het, het een toneel uit die film egter in my geheue bly vassteek en 'n groot gunsteling geword.

Dit is naby die einde van die film dat Dorothy en haar groepie die skrikwekkende *Wizard of Oz* konfronteer omdat hy nie sy beloftes nagekom het nie. Terwyl hulle dit doen, skiet vlamme uit, donderslae weerklink en die towenaar praat met hulle terwyl 'n reuse, groen, monsteragtige kop wat voor hulle in die lug sweef, skree: "Moenie die woede van die groot en magtige Oz opwek nie!" Intussen draf Dorothy se hond Toto na 'n groen gordyn wat aan die linkerkant hang en trek dit eenkant toe om 'n klein, grys ou mannetjie te openbaar wat 'n masjien gebruik om die illusie te skep waarna hulle almal kyk terwyl hy in 'n mikrofoon praat om sy stem te versterk en dit skrikwekkend te laat klink.

My gunsteling deel van daardie toneel is wanneer die ou man omdraai, besef dat hulle hom kan sien en terugdraai na die mikrofoon om daarop aan te dring:

"Steur u nie aan daardie man agter die gordyn nie!"

Die redes wat aangevoer word om mense te oortuig om nie die evolusie-teorie te bevraagteken nie, stem baie hiermee ooreen. Daar is baie vertoon, wat gepaard gaan met indrukwekkende aankondigings oor "bewyse" en baie dramatiese metodes gebruik om mense te laat dink daar is niks om te betwyfel nie, asóók druk wat uitgeoefen word op diegene wat dit bevraagteken. Soos die towenaar van Oz, het evolusie dus nie sy beloftes nagekom nie. Die teorie beloof om 'n verduideliking te gee van die mens se oorsprong, 'n verduideliking wat hoegenaamd geen God en geen intelligensie nodig het nie – net 'n aanvanklike mikro-organisme; blinde, onverskillige, natuurlike prosesse en 'n paar miljard jaar. Die reuse, intimiderende swewende kop verkondig 'n geleidelike oorgang oor hierdie jare: "*from goo to you, by way of the zoo*", soos die skrywer Harold Hill dit eenmaal gestel het.

Ons behoort bereid te wees om die gordyn te lig – om nie beïnvloed te word deur die vertoon nie. Ons behoort te bevraagteken wat aan ons wysgemaak word en dapper

genoeg wees om evolusie uit te daag omdat dit nie sy beloftes nakom nie. Om van 'n ander versinsel melding te maak: Dit was dalk 'n moeilike dag toe u die eerste keer agtergekom het dat Kersvader nie werklik bestaan nie. Daardie besef het u soveel nader aan die ware werklikheid van die regte lewe gebring en soveel verder weggelei van 'n wêreld van versinsels. Die herkenning van die skan-dalige geheimpies van evolusie, kan u ook help om uself te distansieer van daardie wêreld van versin-sels.

Die vrae wat evolusioniste probeer beant-woord bly nogtans bestaan: Waar *kom* ons vandaan? Hoe het lewe ontstaan? Is daar enige *doel* met dit alles? Indien wel, wat kan daardie doel wees?

U kan duidelik, sonder die teatrale vertoon en drama, die regte antwoord op daardie vrae soek. Terwyl u dit doen en indien u waarlik met 'n ontvanklike gemoed en hart soek, sal u met God se hulp u weg vind na die enigste moontlike beginpunt in die soeke na daardie antwoord wat ge-vind word in die heel eerste sin van die Bybel. "IN die begin het God die hemel en die aarde geskape" (Génesis 1:1).

Almal van ons by *Die Wêreld van Môre* hoop dat u die moed sal vind om meer gereeld agter die gordyn in te loer. WvM

# Die Tien Gebooie

*Die hedendaagse "moderne" samelewing is verdeeld oor die Tien Gebooie. Is daar mee "weggedoen" deur goddelike bevel of deur die mensdom se verskuiwing na wetenskaplike kennis? Moet dit in openbare plekke vertoon word of moet dit beperk word tot die kerk? Is dit 'n las vir "verligte" mense of 'n seën vir diegene wat dit onderhou? Koning Dawid sê: "Hoe lief het ek u wet" en noem dit volmaak; die apostel Paulus noem dit heilig, regverdig en goed; Jesus eer, vervul en gehoorsaam die Tien Gebooie en gebied ook gehoorsaamheid daaraan. Vir die meeste mense bly die Tien Gebooie egter 'n raaisel wat nooit verstaan is nie. Hierdie boekie verduidelik in maklike terme hierdie onverbiddelike lewende Wet wat binnekort die basiese Wet sal word van die toekoms se vreedsame, voorspoedige, vreugdevolle wêreld!*

Skryf in of skakel ons om u eie gratis kopie van hierdie insiggewende boekie te ontvang!

***Vervolg vanaf bladsy 7 – Slaapwandelend na Wêreldoorlog III***

manne word beveel: "... slaan dood grysaards, jongmanne en jongedogters en kinders en vroue tot vernietiging toe; maar raak aan niemand op wie die teken is nie, en begin by my heiligdom" (Eségiël 9:6). Dat hulle by God se heiligdom moet begin, kan daarop dui dat hierdie straf eerste sal kom oor godsdienstige huigelaars – diegene wat beweer dat hulle godsdienstig is, maar nie volgens God se bevele leef nie.

Soos Hemingway se denkbeeldige Mike Campbell beskryf het, is ons wêreld daadwerklik besig om in hulle slaap te wandel op pad na Armageddon – wat geleidelik aan die kom is, maar dan skielik sal plaasvind. Die einde van die mensdom se wanbestuur op aarde is egter nog nie hier nie. Baie profesieë moet nog vervul word, maar soos ons die afgelope paar jaar gesien het, kan ons wêreld oornag dramaties verander. Ons vorder van *geleidelik na skielik*. Is dit nie wat die profeet Jesaja vir ons rebelse wêreld opgeteken het nie? "Omdat julle hierdie woord verwerp en vertrou op verdrukking en slinksheid en daarop steun, daarom sal hierdie skuld vir julle wees soos 'n los stuk wat wil val, wat oorhang in 'n hoë muur, waarvan die instorting heeltemal onverwags kom" (Jesaja 30:12-13).

U kan groot verrassings te wagte wees wat die wêreld sal skok in die dae, weke en maande wat voorlê! WvM

*Vervolg vanaf bladsy 14 – Jerusalem: Toekomstige hoofstad van die wêreld*

sal genoem word: Die stad van trou, en die berg van die HERE van die leërskare: Die heilige berg. So sê die HERE van die leërskare: Daar sal weer ou manne en ou vroue op die pleine van Jerusalem sit – elkeen met sy stok in sy hand vanweë die veelheid van hulle dae. En die pleine van die stad sal vol wees van seuntjies en dogtertjies wat op die pleine daarvan speel" (Sagaría 8:3-5).

Gedurende die Millennium – die eerste duisend jaar van Christus se heerskappy op die aarde as Koning van die konings – sal alle nasies op aarde hulle oë vestig op Jerusalem as die hoofstad van die wêreld en sal verteenwoordigers stuur om Christus te aanbid. "En almal wat oorbly uit al die nasies wat teen Jerusalem aangekom het, sal jaar na jaar optrek om te aanbid voor die Koning, die HERE van die leërskare, en om die huttefees te vier" (Sagaría 14:16).

Alle nasies sal uiteindelik die weg van vrede leer – nie van oorlog nie. Hulle sal ook die ware weg van liefde tot God en liefde vir hulle naaste leer. Nasies sal nie meer militêre mag begeer en hulle tot oorlog wend om probleme op te los nie. Hulle sal wil hê dat die waarheid vir hulle geleer word vanuit die wêreld se hoofstad, Jerusalem.

> "En baie volke sal heengaan en sê: Kom laat ons optrek na die berg van die HERE, na die huis van die God van Jakob, dat Hy ons sy weë kan leer en ons in sy paaie kan wandel. Want uit Sion sal die wet uitgaan en die woord van die HERE uit Jerusalem. En Hy sal oordeel tussen die nasies en regspreek oor baie volke; en hulle sal van hul swaarde pikke smee en van hul spiese snoeimesse; nie meer sal nasie teen nasie die swaard ophef nie, en hulle sal nie meer leer om oorlog te voer nie" (Jesaja 2:3-4).

Die stad Jerusalem, sal uiteindelik sy naam, "Stad van Vrede", gestand doen, want die Here, die Ewige, die verheerlikte Messías, Jesus van Násaret, sal persoonlik daar woon. Hy het gesê: "Ek keer terug na Sion en sal midde-in Jerusalem woon". Dit is wanneer ons ware wêreldvrede sal begin ervaar. Soos ons gelees het, sal Jerusalem die "stad van trou" genoem word (Sagaría 8:3). Alle nasies sal die ewige beginsels, Wette en waardes leer wat vrede en voorspoed vir almal waarborg. Jesaja het voorspel, die volk sal na die Heilige Land kom en sê: "Kom laat ons optrek na die berg van die HERE, na die huis van die God van Jakob, dat Hy ons sy weë kan leer en ons in sy paaie kan wandel. Want uit Sion sal die wet uitgaan en die woord van die HERE uit Jerusalem" (Jesaja 2:3).

**Die nuwe Jerusalem – én u**

Die toekoms van Jerusalem is die goeie nuus van ú toekoms asook die toekoms van die wêreld. Uiteindelik sal die *Nuwe Jerusalem* uit die hemel na hierdie aarde neerdaal as die hoofstad van die heelal, meer glorieryk as enige menslik ontwerpte hoofstad. U kan oor daardie wonderlike tyd lees in Openbaring 21-22. Intussen sien ons uit na die toekomstige vestiging van die aardse Jerusalem as die wêreld se hoofstad.

Die "Stad van Vrede" het deur die eeue heen hewige oorloë en bloedvergieting beleef. Daar sal egter binnekort vrede kom. Indien u leef volgens die Wette van die toekomstige Koning, Jesus Christus en die Heilige Gees ontvang as u inwonende Bron van krag en vrede, kan u nou al 'n voorsmakie in u eie lewe kry van wat die wêreld binnekort gaan ervaar. Mag God daardie dag bespoedig!

## JERUSALEM: 'N CHRONOLOGIESE TYDLYN

Een stad troon bo alle ander uit as fokuspunt van Bybelse profesieë: Jerusalem. Ná die laaste kruistog het hierdie stad eeue lank die agterste posisie in geopolitiek ingeneem. Nou het dit weer die middelpunt van wêreldsake geword.
Om te verstaan waarom dit gebeur het, is dit nodig dat ons die mylpale en dramatiese gebeure ondersoek wat Jerusalem deur die eeue gevorm het.

**1895 v.C.**

Melgisédek, koning van Salem, seën Abram en ontvang sy tiendes (Génesis 14:18-20).

**1850 v.C.**

God gee aan Abraham opdrag om Isak na die land Moría te neem om hom daar te offer (Génesis 22:2). Later voorsien God 'n ram as offer in die plek van Isak.

**1406 v.C.**

Josua verslaan Adóni-Sedek, koning van Jerusalem (Josua 10:1-5, 23-26). Die Jebusiete behou dele van die stad (Josua 15:63).

**1000 v.C.**

Ongeveer 400 jaar later regeer koning Dawid die hele Israel vanuit Jerusalem.
Jerusalem word deur koning Dawid ingeneem (2 Samuel 5:6-9) en die vesting word die Stad van Dawid. Jerusalem word die hoofstad van die hele Israel. Etlike jare later kies God die dorsvloer van Arauna uit – wat aan die Stad van Dawid grens – vir Dawid om te offer sodat God die plaag op Jerusalem kan beëindig (2 Samuel 24:16). Dit word die toekomstige ligging van God se tempel.
Die koninkryk van Juda was vir 'n tydperk van ongeveer 20 jaar in Babiloniese ballingskap, wat uitloop op die vernietiging van Jerusalem.

**586 v.C.**

Koning Nebukadnésar verower en vernietig Jerusalem én die tempel (2 Konings 25:8-10).

**539 v.C.**

Kores die Grote van Persië verower Babilon. Hy laat die Joodse bannelinge toe om na Jerusalem terug te keer (2 Kronieke 36:22-23).

**63 v.C.**

Ná sy onderwerping aan die Persiese Ryk en die Grieks-Masedoniese Ryk, word Jerusalem deur Rome regeer. Pompejus verower Jerusalem en maak dit 'n deel van die Romeinse ryk.

**37 v.C.**

Herodes die Grote aanvaar koningskap in Jerusalem.

**31 n.C.**

Jesus Christus se kruisiging, Sy opstanding en die begin van die Kerkera.

**70 n.C.**

Die tweede tempel word deur die Romeine vernietig. Die westelike *("Wailing")* muur bly oor.

**1917**

Gedurende die 1,800 jaar ná 70 n.C. beleef Jerusalem baie konflikte, met inbegrip van Moslem-oorheersing. In 1917 betree Jerusalem egter 'n nuwe fase.
Die Balfour-verklaring word deur die Britse regering uitgereik wat die beleid verklaar om 'n Joodse tuisland in Palestina te vestig. Die Britse weermag, onder Generaal Edmund Allenby, verslaan die Turke en gaan Jerusalem binne.

**1947**

Jerusalem word deur die Verenigde Nasies verdeel tussen Arabiese en Joodse beheer.

**1948**

Israel word 'n onafhanklike nasie op 14 Mei. Israel verdedig homself suksesvol teen die aanval van die Arabiese Bond.

**1967**

Tydens die Sesdaagse oorlog verower Israel die hele Jerusalem en plaas dit vir die eerste keer sedert die Romeinse vernietiging in 70 n.C. onder Joodse heerskappy.

WvM

**Besoek ons webwerf by: www.wvm.co.za**
**of vir Engelse literatuur: www.tomorrowsworld.org**

# Vrae & Antwoorde

## "Goeie Vrydag" ignoreer God se groot [Heilige] Dag

**Vraag:** Ek het in my Bybel vir bewyse van "Goeie Vrydag" gesoek wat my kerk volgende maand gaan vier, maar ek kon dit nie vind nie. Wat sien ek nie raak nie?

**Antwoord:** Jesus het vir ons 'n baie spesifieke aantal dae gegee wat Hy in die graf sou deurbring: "'n Slegte en owerspelige geslag soek na 'n teken, en geen teken sal aan hom gegee word nie, behalwe die teken van die profeet Jona. Want soos Jona drie dae en drie nagte in die buik van die groot vis was, só sal die Seun van die mens drie dae en drie nagte in die hart van die aarde wees" (Matthéüs 12:39-40).

Sommige mense beweer dat Jesus 'n Joodse uitdrukking (idioom) gebruik het waarmee Hy nie drie *letterlike* dae en nagte bedoel het nie en dat enige gedeelte van 'n dag as 'n volle dag tel, hetsy dag of nag. Jesus het egter gesê dat Hy in die hart van die aarde sou wees *soos Jona in die maag van die groot vis was*. In die Ou Testamentiese boek Jona, laat die Hebreeus nie gedeeltelike dae van minder as 24 uur toe wanneer albei dae en nagte genoem word nie. Dit beteken duidelik drie letterlike dae en drie letterlike nagte: 'n volle 72 uur.

Hierdie feit alléén bewys dat die algemeen aanvaarbare "Goeie Vrydag tot Paassondag"-chronologie van slegs een volle dag en twee volle nagte nie korrek kan wees nie.

**"... die dag van daardie sabbat was groot" – 'n Heilige Dag!**

Wanneer is Christus opgewek? "EN op die eerste dag van die week kom Maria Magdaléna vroeg, terwyl dit nog donker was, by die graf en sien dat die steen van die graf weggeneem was. Sy hardloop toe en kom by Simon Petrus en by die ander dissipel vir wie Jesus liefgehad het, en sê vir hulle: Hulle het die Here uit die graf weggeneem, en ons weet nie waar hulle Hom neergelê het nie" (Johannes 20:1-2). Die graf was dus reeds leeg "terwyl dit nog donker was" op "die eerste dag van die week". Wanneer 'n mens 72 uur terugtel, is daar geen manier hoe Jesus Vrydag gekruisig kon wees nie!

Die Skrif openbaar dat Jesus omstreeks 15:00 gesterf het, (Matthéüs 27:46-50) en dat Hy net voor sononder op 'n Sabbat se voorbereidingsdag in die graf neergelê is (Markus 15:42-47). Die meeste mense neem aan dat dit laat Vrydagmiddag beteken aangesien die Sabbat op daardie dag met sononder begin het. Johannes maak egter melding van 'n belangrike feit oor wat onmiddellik ná Sy dood gebeur het: "die liggame nie op die sabbat aan die kruis sou bly nie, aangesien dit die voorbereiding was – want die dag van daardie sabbat was groot – het die Jode Pilatus gevra dat hulle bene gebreek en hulle weggeneem moes word" (Johannes 19:31).

Jesus het die vorige aand die Pasga saam met Sy dissipels gehou. Hy is gekruisig op die daglig-gedeelte van die Pasgadag en toe die son daardie dag ondergegaan het, was dit die begin van die jaarlikse Heilige Sabbatdag wat bekend is as die Fees van Ongesuurde Brode (Levítikus 23:4-7).

Dit is noodsaaklik om Johannes se stelling dat dit 'n groot Sabbatdag was te begryp om die chronologiese volgorde wat in die Nuwe Testament gegee word, te verstaan. Ons lees dat Jesus daardie jaar, die Dinsdagaand, die Pasga saam met Sy dissipels gehou het. Hy is gekruisig op die daglig-gedeelte van die Pasga-dag en in die graf geplaas net voor sononder voor daardie groot Sabbatdag, wat geduur het van sononder Woensdagaand tot sononder Donderdagaand. Die vroue het daardie jaarlikse Sabbat onderhou en toe dit verby is, het hulle die Vrydag uitgegaan om speserye te koop (Markus16:1). Ons lees dan dat hulle die speserye op daardie Vrydag voorberei het en daarna op die weeklikse Sabbat gerus het (Lukas 23:56). Dit behoort duidelik te wees dat 'n mens nie speserye kan voorberei

*Vervolg op bladsy 26*

# Die werke van Sy hande Ligte af: Die krag van slaap

**Deur Bryan Fall**

Die kontras tussen duisternis en lig bekoor baie mense – selfs die jongstes onder ons. Laat 'n kleuter toe om 'n ligskakelaar aan en af te skakel en u sal dit duidelik sien – of dalk sien u dit nie raak nie! Elke dag getuig op 'n veel groter skaal van die werke van God se hande wat gevind word in die skeiding van lig en donker.

Wanneer 'n mens vanuit die ruimte na planeet Aarde sou kyk, sou ons sien hoe die skaduwees van duisternis stadig van oos na wes skuif, wat veroorsaak word deurdat die aarde om sy eie as wentel, weg van die son se lig af. Soos die sonsondergang vorder, maak 'n groot aantal dagdiere hulle gereed om in die donkerte van die nag te slaap. Natuurlike lig/donker-siklusse wat deur die oë waargeneem word (en moontlik tot 'n mate deur die vel) stimuleer areas van die brein wat die slaaphormoon melatonien en ons brein se natuurlike slaapsiklusse beheer. U Skepper beweeg letterlik hemel en aarde, deels, om aan Sy skepping slaap te gee (Génesis 1:18; Psalm 127:2).

Voor elektrisiteit ontdek is, het daardie siklus van slaap ook die mensdom ingesluit. Deesdae sal ons waarskynlik 'n groot aantal verligte slimfoonskerms sien wat mense se gesigte verlig terwyl 'n klomp woelende duime gou eers die volgende oggend se wekkers stel, slaapkontrolering-toepassings oopmaak of op die web soek na inligting met die sleutelwoord *insomnia* [slapeloosheid]. Volgens die *Centers for Disease Control* meld ongeveer een uit elke drie volwassenes in die Verenigde State dat hulle nie genoeg rus of slaap kry nie en die gevolge is oor die algemeen kommerwekkend. 'n Tekort aan slaap is gekoppel aan verhoogde risiko van diabetes, hartsiektes, vetsug, depressie, voertuigongelukke en selfs agteruitgang in verhoudings en werkprestasie. Vandat Richard Arkwright die spinmasjien in die tekstielbedryf ontwerp het – wat gelei het tot ononderbroke industriële produksie – tot Thomas Edison se ontdekking wat ons nagte belig, en van televisie tot slimfone, word 'n oorlog reeds lank teen ons slaap gevoer.

## Gesonde slaap, gesonde verstand

Ons meesterlike Skepper het slaap ontwerp om belangrike funksies te vervul. Net soos om u selfoonbattery te herlaai, word verskeie stelsels in ons liggame gedurende die slaapproses "herlaai". Die brein is een orgaan wat veral reageer op die kwaliteit en duur van slaap. Byna almal het die verjongingskuur van 'n goeie nag se slaap al ervaar – die hele wêreld lyk sommer rooskleuriger wanneer ons wakker word. Kleuters en selfs volwassenes is minder knorrig wanneer hulle beter uitgerus is.

'n Studie wat in 2020 in 'n *Journal of Sleep Research* gepubliseer is, het die effek wat slaap op emosies het, getoon. Proefpersone het vyf nagte van gebrekkige slaap ondervind, gevolg deur vyf nagte van ónonderbroke slaap. Die hoofnavorser Daniela Tempesta, het opgemerk dat proefpersone verskeie droombeelde as meer ontstellend ervaar het wanneer hulle van slaap ontneem was as wanneer hulle heeltemal uitgerus was. Wat meer is, is dat wanneer 'n tekort aan slaap oor 'n tydperk van etlike nagte voorgekom het, verbindings tussen die "sirene"-gedeelte van die brein, wat die amigdala genoem word, asook die prefrontale korteks – die eiewillige besluitnemingsentrum van die brein – verswak. Dit mag die logiese beheer van ons emosies deur ons wil verminder. Navorsers wat van breinskandering gebruik maak, vind dat slaap die aktiwiteit van die amigdala verswak. Wanneer die ligte afgeskakel word, word die alarmgedeelte van ons brein opnuut gestel. Emosies word reggestel en weer onder beheer geplaas van die logiese, besluitnemende areas van ons brein.

Die meeste van ons het 'n elektroniese toestel wat soms "hang" of "vries" totdat ons dit afskakel – "die geheue leeg-

gemaak het". Die brein is netso deur ons Skepper ontwerp met die vermoë om homself van afval-inligting leeg te maak en hierdie proses word versterk deur slaap. In 2013 het navorsers aan die Universiteit van Rochester Mediese Sentrum, skandering gebruik om die verskil tussen slapende en wakker muise waar te neem. Hulle het veral gefokus op serebrospinale vloeistof (CSF), 'n gespesialiseerde vloeistof wat as't ware as "skok-absorbeerders" dien om die brein en ruggraat binne die benige skedel en werwelkolom te beskerm. Die neurowetenskaplike, Maiken Nedergaard en haar kollegas was verbaas om 'n dramatiese toename in die hoeveelheid CSF in die brein van slapende muise te vind. Die neurale sluise wat die vloei van CSF reguleer, het tydens die slaapperiode wyd oopgegaan en tydens die wakker-periode het dit weer toegegaan. Neurowetenskaplikes sê dat hierdie vloei van CSF na die brein en die daaropvolgende uitspoel van CSF uit die brein en uiteindelik in die bloedsomloopstelsel beland, brein-eroderende gifstowwe soos die proteïen amiloïed-beta skoonmaak. Baie meer van die amiloïed-beta word by muise uit hulle breine gesuiwer wanneer hulle slaap as wanneer hulle wakker is. Ritmes van optimale slaap- en wakkersiklusse is van kritieke belang om die brein van gifstowwe en metaboliese afvalprodukte te suiwer.

**Rus vir die vermoeides – meer as net 'n fisiese behoefte**

Soos wat verskeie ondersteuningsgroepe diegene leer wat met verslawing sukkel, behoort ons ook te probeer om nie té honger, kwaad, eensaam of *moeg* te word nie *[hungry, angry, lonely or tyred] (H.A.L.T.)*. Dit is nie net tot voordeel van ons fisiese gesondheid en lewe nie. Ons geestelike lewenswandel en lewenskeuses kan ook in gevaar gestel word indien ons nie aandag gee aan ons basiese menslike behoeftes op 'n gedissiplineerde, verantwoordelike manier nie. Sonder voldoende slaap word ons emosies meer intens en kritiese denke verminder.

As gevolg van soveel hindernisse wat die moderne lewe op ons slaap uitoefen, dui statistieke daarop dat baie van ons slaapprobleme sal ervaar. Daar is baie maniere wat ons kan toepas en behoort aan te werk om daardie uitdagings die hoof te bied. Selfs al doen ons dit, gaan baie van ons voort om te sukkel, moontlik met die algemene, ouderdomsverwante afname in kwaliteit van slaap.

God weet dat ons rus nodig het. Jesus Christus, die Rots van Israel, het nie net ons slaap/wakker-siklusse en ons sirkadiese ritmes [wakker en slaapritmes in 'n 24-uur periode] gevorm en geskape nie, in Sy wysheid het Hy elke siklus en ritme geskape wat in die weefsel van die menslike liggaam, verstand en hart ingeweef is. Elkeen van ons is die fyn-beplande werk van ons Skepper se bestendige hande. Deur 'n woord te spreek, het Hy lank gelede menslike longe gevorm om lug in te trek en dit uit te blaas. Hy het gespreek en ons harte geskep om outonoom ritmies te pomp – selfs terwyl ons slaap en rustig onbewus is van wat om ons aangaan. U Skepper het elke aspek van die werklikheid tot stand gebring, selfs u brein waar u drome gesetel is.

**Ware rus en herstel vir almal**

Deesdae sal min mense – indien enige – meer as 40,000 omwentelings van die Aarde beleef voordat hulle in die doodslaap verval en sommige mense sal minder as dit beleef (Psalm 90:10; Hebreërs 9:27). Die dood is 'n toestand waar daar geen hartklop, geen asem, geen drome en geen bewussyn is nie (Prediker 9:10; Psalm 6:5-6; 88:11-12). Al die stroomdienste, sosiale media-plasings, sosiale geregtigheid en stryders oor gelykheid se protes en powere pogings tot blywende betekenis gaan tevergeefs verby (Psalm 115:17). Ten spyte van mites van zombies of onsterflike siele, wanneer 'n mens ter ruste gelê word in die graf of verassingsoond, is 'n mens nie "ondood" nie. Wanneer 'n mens sterf, is jy eenvoudig dood (Prediker 9:5). Die "ligte is afgeskakel".

Het God 'n plan vir 'n rus wat nié deur die mens en sy vernuftige hedendaagse lewe verontreinig word nie? Wanneer sal ons daardie rus kry? Deur wie sal u wakker gemaak word nadat alles donker geword het?

Jesus Christus en God die Vader het planne vir u (Jeremia 29:11). Hulle beplan om u wakker te maak tot ewige rus (Matthéüs 11:28-29) – 'n rus wat kom en wat geen mens nog

beleef het nie (Hebreërs 4:9). Daar is 'n tyd waarvan daar met entoesiasme gepraat word van 'n rus onder die heerskappy van God – 'n heerskappy wat nie sal eindig nie (Daniël 2:44).

U dink waarskynlik daaraan om môre wakker te word en werk toe te gaan. Waarom nie bietjie nadink oor die moontlikheid om vir ewig wakker te word nie (Jakobus 4:14)? U is dit aan uself verskuldig om die Bybel sonder versuim te bestudeer en te verstaan (2 Timótheüs 3:16-17); môre kom dalk vinniger as wat u beplan het (Romeine 13:11). WvM


# Watter Dag is die Christelike Sabbat?

Hierdie LEWENSBELANGRIKE onderwerp is *veel gewigtiger* as wat meeste mense besef!

Dit sal bepaal of u regtig die ware God – die Skepper – ken, of nie. Trouens, dit gaan 'n direkte uitwerking hê op u toegang tot die ewige lewe in God se Koninkryk wat binnekort kom!

Skryf in of skakel ons gerus vandag nog om u eie gratis kopie van hierdie noodsaaklike en insiggewende boekie te ontvang!


***Vervolg vanaf bladsy 23 – Vrae en antwoorde***

voordat dit gekoop is nie!

Wanneer ons al die toepaslike geskrifte in hulle chronologiese volgorde plaas, is dit vanselfsprekend dat Jesus kort voor sononder op Woensdag in die graf neergelê is nét voor die Eerste Dag van Ongesuurde Brode begin het. Ons weet – gegrond op wat in die Skrif opgeteken is – dat Hy 72 uur later opgestaan het, voordat die eerste dag van die week [Sondag] begin het.

Kerke wat die Goeie Vrydag- en Paas-Sondag-tradisies hou, ontken die eenvoudige woorde van die Skrif en die ware teken wat Jesus van Sy Messíasskap gegee het (Matthéüs 12:38-40).

'n Vollediger verduideliking en om meer te wete te kom oor valse leerstellings wat aan Jesus se opstanding gekoppel is, bestel gerus u gratis kopieë van *Paasfees: Die storie wat nie vertel word nie* of lees dit aanlyn by *wvm.co.za* asook, *Satan se Vervalste Christendom* wat u ook aanlyn kan lees by wvm.co.za. WvM

*Vervolg vanaf bladsy 2 – Persoonlik*

Moses gedoop is in die wolk en in die see, en almal dieselfde geestelike spys geëet het, en almal dieselfde geestelike drank gedrink het, want hulle het gedrink uit 'n geestelike rots wat gevolg het, en die rots was Christus" (1 Korinthiërs 10:1-4).

Verder word aan ons vertel: "Niemand het God ooit aanskou nie" (1 Johannes 4:12). Hoe kan dit wees wanneer ons lees dat 74 mans die God van Israel gesien het? "Daarop het Moses opgeklim met Aäron, Nadab en Abíhu en sewentig van die oudstes van Israel. En hulle het die God van Israel gesien ... Maar Hy het sy hand nie na die uitgesoektes van die kinders van Israel uitgestrek nie, en hulle het God aanskou; daarop het hulle geëet en gedrink" (Exodus 24:9-11).

Hoe maak dit sin: "Niemand het God ooit aanskou nie" maar "hulle het die God van Israel gesien"? Jesus se dissipel Johannes gee vir ons die antwoord: "Niemand het ooit God gesien nie; die eniggebore Seun wat in die boesem van die Vader is, dié het *Hom* verklaar" (Johannes 1:18). Een rede waarom Jesus gekom het, was om die Vader te openbaar. "Alles is aan My oorgegee deur my Vader; en niemand weet wie die Seun is nie, behalwe die Vader, en wie die Vader is nie, behalwe die Seun en hy aan wie die Seun dit wil openbaar" (Lukas 10:22).

Die hedendaagse "Christendom" het 'n valse verhaal geskep dat die Vader hard en veeleisend is en aan die mensdom onmoontlike opdragte gee, maar soos in hierdie en baie ander geskrifte getoon word, is die God van die Ou Testament die Een wat later Sy lewe vir die mensdom gegee het. Hy is ook die Een wat die mense van die eerste eeu berispe het: "En wat noem julle My: Here, Here! en doen nie wat Ek sê nie?" (Lukas 6:46).

Is dit deesdae enigsins anders? Mense noem Jesus "Here" – wat "Meester" beteken – maar verwag egter van Hom om aan te pas by húlle idees van wat reg en verkeerd is, húlle idees van hoe om Hom te aanbid en hulle menslik uitgedinkte gebruike. Hulle beweer dat hulle Hom volg, maar wandel hulle soos Hy gewandel het of volg hulle die skare, die gewoontes van familie en vriende en tradisies wat van een geslag na die ander oorgedra word?

Weereens; wat sou u gedoen het indien u 'n eerste-eeuse inwoner van Judea was? Sou u Hom gevolg het? Johannes antwoord: "En hieraan weet ons dat ons Hom ken: as ons sy gebooie bewaar. Hy wat sê: Ek ken Hom – en sy gebooie nie bewaar nie – is 'n leuenaar en in hom is die waarheid nie. Maar elkeen wat sy woord bewaar, in hom het die liefde van God waarlik volmaak geword. Hieraan weet ons dat ons in Hom is. Hy wat sê dat hy in Hom bly, behoort self ook so te wandel soos Hy gewandel het" (1 Johannes 2:3-6).

Hoe was Jesus se lewenswyse? Nié soos die gewilde "Christendom" nie! Christenskap, soos dit algemeen bekend staan, is nié die Christenskap van Christus nie! Die hoogaangeskrewe geskiedskrywer, wyle Paul Johnson het selfs in die vroegste jare geskryf oor die verheidensing van die Christendom:

> "Baie Christene het nie 'n duidelike onderskeid tussen hierdie sonkultus en hulle eie gemaak nie. Hulle het verwys na Christus wat sy strydwa deur die uitspansel bestuur het; hulle het Sondag hulle dienste gehou, na die Ooste gekniel en hulle geboortefees op 25 Desember gehou – die geboortedag van die son tydens die wintersonstilstand. Gedurende die latere heidense herlewing onder die keiser Julianus het baie Christene dit maklik gevind om afvallig te raak as gevolg van hierdie verwarring; die biskop van Troje het vir Julianus gesê dat hy nog altyd in die geheim tot die son gebid het. Konstantyn het nooit sonaanbidding laat vaar nie en het 'n afbeelding van die son op sy muntstukke gehou. Hy het Sondag 'n rusdag gemaak" (*A History of Christianity*, bll. 67-68).

Dit is baie duidelik in die Skrif opgeteken: Jesus, Sy Apostels en die vroeë Kerk van God het die Bybelse sewende-dag Sabbat en jaarlikse

**Verwittig ons asseblief onmiddellik van enige verandering in u posadres.**

# Onthou asseblief om in te skakel op ***Tomorrow's World*** TV-program van 11:00 tot 11:30 v.m. op Sondag-oggende, **kanaal 263** op DStv.

Heilige Dae onderhou in plaas van foutiewe heidense vierings (sien ons boekies, *Watter Dag is die Christelike Sabbat?* en, *Die Heilige Dae – God se meesterplan*). Elke jaar begin die jaarlikse siklus van Heilige Dae in die maand April soos dit gevind word in die Bybel – presiés net soos wat Jesus, Sy Apostels en die vroeë Kerk van God dit onderhou het – dieselfde Feeste waaraan Jesus Israel vroeër bekendgestel het voor die berg Sinai se gebeure (Exodus 12-13). Hierdie huidige geslag sou min verskil van dié van die eerste eeu n.C. Hulle het die Messías gekruisig en so sou hierdie geslag ook gedoen het. Die vraag is steeds: Gebaseer op u huidige keuses, *sou u* by die skare aangesluit het?



# Wêreld van Môre

# Bybelstudiekursus

**Skryf gerus vandag reeds in om hierdie insiggewende Bybelstudiehulpmiddel te ontvang! Dit sal u Bybelkennis grootliks verryk en u met nuwe oë na die lewe laat kyk.**

**Skryf aan: Lewende Kerk van God**
**Privaatsak X 30**
**Menlo Park, GP**
**0102**

**of skakel : 012 331 0058**
**en meld dat u navraag doen**
**oor die "Wêreld van Môre" Bybelstudiekursus**